
Arbeidsvoorsiening en
-stabiliteit in die landbousektor:
'n Eksemplariese studie in die
Letabadistrik (Samevatting van
verslag MM-100 met dieselfde
titel)

P.C. Smit
D. Herbst

001.3072068 HSRC MN 100



RGN·HSRC

BIBLIOTEEK LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL





RGN · HSRC

**SENTRUM VIR BIBLIOTEEK · EN
INLIGTINGSDIENSTE
CENTRE FOR LIBRARY AND
INFORMATION SERVICES**

VERVALDATUM/DATE DUE

--	--	--	--




1929933866

Arbeidsvoorsiening en
-stabiliteit in die landbousektor:
'n Eksemplariese studie in die
Letabadistrik (Samevatting van
verslag MM-100 met dieselfde
titel)

Navorsingsbevinding MN-100

Arbeidsvoorsiening en
-stabiliteit in die landbousektor:
'n Eksemplariese studie in die
Letabadistrik (Samevatting van
verslag MM-100 met dieselfde
titel)

P.C. Smit
D. Herbst



P.C. Smit, B.Sc.(Hons), MA., Hoofnavorsers
D. Herbst, B.A.(Hons), Navorsers

Instituut vir Mannekragnavorsing
Direkteur: S.S. Terblanche

ISBN 0 7969 0059 0

Obtainable in English

Prys: R11,45
(AVB ingesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1983
Alle regte voorbehou

VOORWOORD

Oor die strategiese belangrikheid van 'n gesonde landbousektor in Suid-Afrika hoef nie geargumenteer te word nie. Verskillende regerings het as gevolg van hierdie belangrikheid deur die loop van jare 'n verskeidenheid maatreëls getref om hierdie sektor te beskerm. Sover dit arbeid aanbetref draai die probleme sedert die jare her om voorsiening en stabiliteit van arbeid in hierdie sektor.

Die Letabadistrik is 'n voorbeeld van 'n distrik wat besondere moontlikhede bied vir die bestudering van hierdie probleem. Die verskeidenheid van gewasse wat in die distrik verbou word, die besondere arbeidsintensiteit van verbouing van die meeste van die gewasse en die feit dat die distrik vir 'n groot deel begrens word deur Gazankulu en Lebowa is van die belangrikste redes hiervoor.

Die groeiende besef van die wedersydse afhanklikheid tussen die Gazankulu-regeringsdiens en die georganiseerde landbousektor van die Letabadistrik het daartoe aanleiding gegee dat die Komitee vir Ontwikkelingsamewerking (KOS) uit verteenwoordigers van die betrokke partye saamgestel is. Hierdie Komitee stel hom ten doel om aandag aan probleme van gemeenskaplike aard te gee. Die problematiek rondom plaasarbeid het die KOS laat besluit om die RGN te nader om ondersoek in dié verband in te stel.

Alhoewel die probleem van arbeidsvoorsiening en stabiliteit belangrike mikrokomponente het en die situasie van gebied tot gebied, van gewas tot gewas en as't ware van boer tot boer sal verskil, is dit nogtans 'n algemene probleem wat ook in ander streke voorkom.

Goeie samewerking is verkry van die Gazankulu-regeringsdiens en mnr. J.D. Mativandlela, Sekretaris van Binnelandse Sake en alle betrokkenes word hiervoor bedank. Mnr. J.E. Vorster, Voorsitter van die Letabadistrikslanbouunie en ander bestuurslede asook bestuurslede van die verskillende boereverenigings word bedank vir hul bydrae met die organisasie en bekendstelling van die navorsing.

Die RGN wil graag die Lebowa-regeringsdiens bedank, wat toestemming verleen het dat aanliggende dele van Lebowa ingesluit word by die ondersoek. 'n Woord van hartlike dank ook aan die 1 414 Swart respondente en 192 Blanke boere wat inligting verskaf het. Besondere dank aan die 30 boere wat ingewillig het dat onderhoude gedurende werksure met van hul werkers gevoer word.

Die Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste (BOND) van die RGN word bedank vir vaslegging, redigering en verwerking van die inligting en redaksionele werk van die verslag. 'n Spesiale woord van dank aan prof. D.J. Stoker vir die hulpverlening met die trek van die nodige steekproewe en raad oor die gebruik van statistiese ontledingstegnieke.



DIREKTEUR

Oktober 1983

INHOUD

	BLADSY	
1	INLEIDING	1
1.1	Agtergrond en doel	1
1.2	Metode en ondersoekgroepe	3
1.3	Begripsomskrywing	7
2	BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEKGROEPE	8
2.1	Blanke boere	8
2.2	Plaaswerkers, inwoners en werksoekers	9
3	DIE WERKSITUASIE VAN SWART WERKERS IN DIE LETABADISTRIK	11
3.1	Soort werk	11
3.2	Lone	12
3.3	Diensvoordele	15
3.4	Sosiale infrastruktuur	18
3.5	Organisasie van werk	18
3.6	Werwing, registrasie en verwante sake	19
3.7	Werkloosheid en tekorte	19
4	BELANGRIKSTE FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL IN DIE VOORSIENING EN STABILITEIT VAN PLAASARBEID	21
4.1	Inleiding	21
4.2	Faktore wat verband hou met arbeidstekorte by die steekproef van boere	22
4.3	Faktore wat n rol speel in voorkeur vir plaaswerk by Swart respondente	30
4.4	Gevolgtrekking	35
	BYLAE	46
	BRONNELYS	47

TABELLE

BLADSY

1	MEDIAANINKOMSTE VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS BEROEP SOOS DEUR SWART RESPONDENTE AANGEDUI	13
2	MINIMUM, MAKSIMUM EN GEMIDDELDE KONTANTLOON WAT BOERE BETAAL VOLGENS BEROEP	14
3	HUIDIGE KONTANTLOON VAN SWART RESPONDENTE TEENoor VERWAGTE MINIMUMLOON (PER MAAND) MET VERSKIL IN PERSENTASIE UITGEDRUK VOLGENS SUBGROEP EN BEROEP	16
4	OPsOMMING VAN VOORSPELLING VAN TEKORTE (STAPPE 1-7)	26
5	BELANGRIKSTE VOORSPELLERS VAN TEKORTE	29
6	MATE WAARIN DIE MODEL TEKORTE VOORSPEL VIR DIE STEEKPROEF BOERE	29
7	VOLKSGROEPVERDELING VAN DIE MVM VOLGENS BEROEPsGROEP IN 1965-1981 EN DIE GEPROJEKTEERDE VERDELING VIR 1987	39
8	GETAL LEERLINGE IN ST. 8	40
9	GETAL PERSONE WAT ST. 10 BEHAAL	40
10	GEMIDDELDE JAARLIKSE LOON VIR SWART ARBEID (RAND PER JAAR)	41

FIGURE

BLADSY

1	ONDERSOEKGEBIED, SUBDISTRIKTE VAN LETABA-DISTRIK EN NEDERSETTINGS VAN GAZANKULU EN LEBOWA	5
2	INDIENSNEMING VAN SWART WERKERS OP PLASE VOLGENS SUBDISTRIK EN AARD VAN INDIENSNEMING	10
3	VERWAGTE GROEI VAN DIE EKONOMIES AKTIEWE BEVOLKING EN WERKGELEENTHEDE VIR DIE TYDPERK 1978-1987	36
4	DIE RELATIEWE BYDRAE VAN DIE VERSKILLENDE SEKTORE TOT DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK 1950, 1980 EN 2010	38

DENDROGRAMME

BLADSY

1	ROL VAN BIOGRAFIESE FAKTORE IN WERKVOORKEUR VAN SWART RESPONDENTE	31
2	ROL VAN LONE IN DIE WERKVOORKEUR VAN SWART RESPONDENTE	33
3	BELANGRIKSTE FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL IN WERKVOORKEUR VAN SWART RESPONDENTE	34

ARBEIDSVOORSIENING EN -STABILITEIT IN DIE LANDBOUSEKTOR:
'N EKSEMPLARIESE STUDIE IN DIE LETABADISTRIK

1. INLEIDING

1.1 AGTERGROND EN DOEL

Sover dit arbeid betref, draai die probleem van die Blanke boer sedert die jare her om die voorsiening en stabiliteit van arbeid. Verskillende regerings het as gevolg van die belangrikheid van 'n gesonde landbousektor deur die loop van jare 'n verskeidenheid van maatreëls gebruik om hierdie sektor te beskerm sover dit arbeidsvoorsiening betref. Goeie oorsigte van hierdie maatreëls bestaan in die werke van Van der Horst (1971) en Cloete (1972) en eersgenoemde bron haal die magistraat van Weenen aan, wat reeds in 1897 skryf: "The sole cause of the trouble continues to be the exodus of Natives to Johannesburg, where, attracted by the high wages paid them there, they persist in going" (p. 87). Hierdie probleem is in die verlede ondersoek deur 'n hele aantal kommissies en komitees (bv. die Kaapse Arbeidskommissie (1894); die Ekonomiese Naturelle Kommissie (1930-1932) en die Plaasarbeiderskomitee (1937-1939)), maar die probleem het nog nie verdwyn nie.

Die huidige regering stel hom nie alleen die ontwikkeling, benutting en bevordering van die land se mannekrag ten doel nie, maar ook bewaring van arbeidsvrede en die beskerming van die geestelike en liggaamlike gesondheid van elke werker (Reynders, 1982:1). Hierby inbegrepe is billike reëlings van diensvoorwaardes, waarby die regering so min as moontlik betrokke wil raak, behalwe deur 'n wetgewingsraamwerk daar te stel (Witskrif oor Deel 2 van die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Arbeidswetgewing, 1980). Die Voorsitter van die Nasionale Mannekragkommissie (NMK) stel dit as volg: "Die regering se standpunt was dat daar 'n groot verskeidenheid van faktore inwerk teen die daarstelling van 'n geformaliseerde of gestruktureerde stelsel van arbeidswetgewing in die landbou" (Reynders, 1982:3). Aangesien die Regering egter voel dat hy sy plig sal versuim as hy nie aandag aan die saak gee nie, het die Minister van Mannekrag in Augustus 1982 aan die NMK opdrag gegee om ondersoek in te stel na moontlike maatreëls om die diensvoorwaardes van plaaswerkers en huishoudelike werkers te reël (Staatskoerant, 7 Mei 1982).

Hierdie ondersoek, wat uitgevoer word met die oog op die daarstelling van 'n wetgewingsraamwerk, kan uit die aard van die saak nie aandag skenk aan die besondere situasie van 'n bepaalde streek nie en kan dus as 'n makrostudie beskou word. Die probleem van arbeidsvoorsiening en -stabiliteit het egter ook belangrike mikro-komponente, wat nooit op nasionale grondslag ondersoek kan word nie, omdat die omvang daarvan alle grense van hanteerbaarheid sal oorskry. Die dinamiek van hierdie mikro-aspekte kan slegs ondersoek word deur eksemplariese studies uit te voer in streke wat geskik is daarvoor.

Die Letabadistrik is 'n voorbeeld van 'n distrik wat hom besonder goed leen vir 'n eksemplariese studie. Die besondere verbouingsmetodes wat steeds arbeidsintensief is, die groot aantal gewasse wat verbou word tesame met 'n sterk komponent aan die veeteeltkant, die geografiese ligging ten opsigte van arbeidsbronne en die grootste metropole (PWV-gebied) tel onder die belangrikste faktore wat die distrik besonder geskik maak vir navorsing op mikrovlak oor 'n nasionale probleem.

Uit inligting oor die bevolking van Gazankulu en Lebowa, wat onderskeidelik verkry is van die Instituut vir Ontwikkelingstudies van die RAU en die Buro vir Ekonomiese en Politieke Analise van UP, word geraam dat die Swart bevolking van die nedersettings omliggend aan die distrik, bykans 'n kwartmiljoen tel, terwyl daar in die Letabadistrik na raming ongeveer 50 000 werkgeleenthede bestaan. Teoreties behoort daar dus 'n ooraanbod te wees, maar tog is probleme in verband met tekorte 'n redelik algemene klagte wat onder die boeregemeenskap gehoor word.

Die groeiende besef van wedersydse afhanklikheid by sowel die Gazankulu-regering as die georganiseerde landbou in die Letabadistrik het gelei tot die samestelling van die Komitee vir Ontwikkelingsamewerking (KOS), wat hom ten doel stel om aandag te gee aan probleme van gemeenskaplike belang. Die problematiek rondom plaasarbeid het die KOS laat besluit om die RGN te nader om 'n ondersoek te onderneem na die faktore wat 'n rol speel in arbeidsvoorsiening en arbeidstabiliteit in die Letabadistrik. Omdat hierdie distrik soveel moontlikhede inhou vir 'n eksemplaarstudie van 'n meer algemene probleem, was die RGN bereid om die studie te onderneem.

1.2 METODE EN ONDERSOEKGROEPE

Vier groepe persone is geïdentifiseer wat 'n rol sal speel in arbeidsvoorsiening en -stabiliteit, naamlik Blanke boere, die plaaswerkers, die inwoners van die nedersettings van Gazankulu en Lebowa naby die distrik en werksoekers by arbeidsburo's. Om die ondersoek binne hanteerbare perke te hou, is die ondersoekgebied afgebaken soos in figuur 1 aangedui is. Die middelpunt van die distrik op die oos-wes en noord-suid asse is bepaal en 'n sirkel is om die gebied getrek, sodanig dat die belangrikste nedersettings van Gazankulu en Lebowa, sover dit arbeidsvoorsiening in die Letabadistrik betref, ingesluit word. Die distrik is onderverdeel in 10 subdistrikte, wat ook in figuur 1 aangedui word.

Onderhoude met behulp van gestruktureerde vraelyste is met steekproewe van elk van die genoemde groepe gevoer. Toe die RGN versoek is om die navorsing te onderneem, het die KOS reeds 'n vraelys aan boere in konsepvorm opgestel. Hierdie vraelys is gebruik as basis vir die opstel van die vraelys aan boere. Verbandhoudende literatuur is bestudeer en samesprekings is gevoer met belanghebbende persone en instansies, nie alleen ten opsigte van die Letabadistrik nie, maar ten opsigte van landbou in die breë. Die vraelys is ook aan die KOS en die Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Samewerking en Ontwikkeling (BENS0) voorgelê vir kommentaar, waarna dit in 'n vooronderzoek uitgetoets is. Wysiginge wat nodig geblyk het, is aangebring.


Die vraelyste wat vir al drie die steekproewe van Swartes gebruik is, is so opgestel dat dit so ver moontlik inligting lewer oor dieselfde aspekte waaroor die vraelys aan boere inligting lewer, maar soos gesien van die kant van die werker. Aan boere is byvoorbeeld gevra of hulle op 'n daaglikse, weeklikse, tweeweeklikse of maandelikse basis hulle lone uitbetaal, terwyl in die vraelyste aan Swartes gevra is watter van die genoemde wyses hul verkies. Alhoewel drie afsonderlike vraelyste gebruik is vir plaaswerkers, inwoners van Gazankulu en Lebowa en werksoekers onderskeidelik, lewer die drie vraelyste oorwegend dieselfde inligting. Die drie vraelyste verskil in soverre dat die bewoording van die vrae aangepas is by die situasie van die respondent (werk op 'n plaas, soek werk, ensovoorts) en dat aan die einde van elk van die drie vraelyste 'n aantal vrae ingesluit is wat spesifiek gerig is op die bepaalde steekproef. In die vraelys aan plaaswerkers is byvoorbeeld vrae ingesluit oor die subdistrik waarin die plaas geleë is en die soort werk wat verrig word, wat nie op die ander groepe van toepassing is nie. So is in die vraelys vir werksoekers byvoorbeeld gevra hoe lank hulle werkloos is en inligting verkry oor werkloosheidsversekering, wat nie van belang is vir die ander steekproewe nie.







Aan die einde van elk van die drie vraelyste is 'n aantal vrae aan die respondent gevra waarmee basiese inligting verkry is oor die werkpatroon van ander lede van die huishouding bo die ouderdom van 16 jaar. Laasgenoemde inligting is vir al drie groepe verkry ten opsigte van hul permanente woonplek. Vir plaaswerkers is die inligting dus verkry soos vir hul woonplek binne die nasionale staat. Inligting wat uit die 1976-landbousensus verkry is, toon dat daar meer as 20 soorte gewasse op redelike groot skaal in die distrik verbou word en dat daar groot wisseling bestaan in die arbeidsbehoefte van elk, asook in seisoenfluktuasies in die arbeidsbehoefte. As gevolg hiervan is besluit om die steekproef te stratifiseer volgens subdistrik, aangesien die tipe boerdery in 'n redelike mate saamhang met die geografiese ligging van die plaas binne die distrik. Inligting oor die universum van boere is uit 'n verskeidenheid bronne saamgestel, waaruit 'n 50 %-steekproef getrek is. Die paar privaatboere of maatskappyboerderye wat elk na verwagting meer as 500 Swart werkers sal hê, is as gevolg van hul relatiewe grootte en die eiesoortigheid van elk, almal in die steekproef ingesluit. Alhoewel net 192 van die 265 boere wat getrek is, in die steekproef gerealiseer het, is die steekproef nogtans aanvaar as verteenwoordigend. Die verskil tussen die getrekte en finale steekproef is grootliks te wyte aan gebreke in die beskikbare universuminligting. Dubbeltellings, wat voorgekom het omdat inligting uit meer as een bron saamgestel is, is gedurende die veldwerk uitgeskakel.

Die totale Swart arbeidsmag van die landbousektor van die Letabadistrik word geraam op tussen 35 000 en 40 000. 'n Steekproef van 500 plaaswerkers is volgens subdistrik getrek, aangesien die geografiese ligging van die werkplek 'n rol speel in die tipe werk sowel as die pendel- of verblyfsituasie. As gevolg van finansiële oorwegings en die kort tyd waarbinne die navorsing afgehandel moes word, was dit nie moontlik om 'n groter steekproef te trek nie. Die vooronderzoek het egter getoon dat daar 'n paar redelik algemene tendense is en dat 'n steekproef van 500 goeie resultate behoort te lewer. In die praktyk het hierdie steekproef egter heelwat groter gerealiseer en die belangrikste rede hiervoor is dat die veldwerk gedoen is met twee spanne van nege veldwerkers en elke span is met een voertuig na 'n opnamepunt vervoer. Dit het genoodsaak dat by 'n bepaalde punt nege of 'n veelvoud van nege onderhoude gevoer is. Die uitgangspunt was om deurgaans meer as die benodigde aantal onderhoude te voer en die finale steekproef sluit gevolglik 595 plaaswerkers in. 'n Aantal response wat vergelykbaar is vir boere en plaaswerkers toon dat die inligting besonder goed ooreenstem en hierdie steekproef is daarom aanvaar as verteenwoordigend van plaaswerkers in dié distrik.

FIGUUR 1

ONDERSOEGGEBIED, SUBDISTRIKTE VAN LETABA-DISTRIK EN NEDERSETTINGS¹⁾
VAN GAZANKULU EN LEBOWA



-  LETABA-DISTRIK
-  GAZANKULU
-  LEBOWA
-  ANDER BLANKE GEBIED
-  GRONDGEBIED IN KONSOLIDASIE BY GAZANKULU
-  GRONDGEBIED IN KONSOLIDASIE BY LEBOWA

¹⁾Kyk bylae vir name van nedersettings

Inligting vir die trek van die steekproewe van inwoners van Gazankulu en Lebowa is onderskeidelik verkry van die Instituut vir Ontwikkelingstudies van die Randse Afrikaanse Universiteit en die Buro vir Ekonomiese en Politieke Analise van die Universiteit van Pretoria. Binne elk van die nedersettings wat volgens figuur 1 binne die ondersoekgebied val, is 'n ewekansige steekproef getrek, sodanig dat elke nedersetting volgens sy grootte verteenwoordig word. Slegs persone van 16- tot 65-jarige leeftyd wat werk, voorheen gewerk het of belangstel om te werk, is ingesluit. In totaal is 280 inwoners van Gazankulu en 175 van Lebowa ingesluit. Geen inligting bestaan egter om die verteenwoordigendheid van hierdie groepe te bepaal sover dit aspekte soos geslag, ouderdom, werkplek en ander belangrike veranderlikes betref nie.

Drie arbeidsburo's binne Gazankulu en drie binne Lebowa val binne die ondersoekgebied. 'n Steekproef is by elke arbeidsburo getrek, sodanig dat die getal wat by elke arbeidsburo getrek is, in verhouding is met die relatiewe getal indiensplasing van die verskillende arbeidsburo's tot mekaar. In totaal is 364 werkszoekers betrek.

Die onderhoude met al vier steekproewe is gevoer in die huistaal van die betrokke respondent. Vir die steekproewe van Swartes is vir die doel van Swart veldwerkers, wat Tsonga en Noord-Sotho magtig is, gebruik gemaak.

Alhoewel verskeie praktiese probleme die veldwerk bemoeilik het, is goeie samewerking verkry van respondente van al vier steekproewe. Die belangrikste praktiese probleme was die lang afstande waarvoor gereis moes word tussen opnamepunte, gebrekkige padaanwysings, verskille tussen die bestaande paaie en die inligting van die jongste kaarte, sowel as die werkprogram van boere. In laasgenoemde verband kan gemeld word dat die meeste boere normaalweg vroegoggend hul wonings verlaat en eers namiddag terugkeer, terwyl onvoorsiene probleme met masjinerie en so meer dikwels uitstel van 'n afspraak of vertraging tot gevolg gehad het. Daar moes verder by beplanning van die veldwerk deeglik rekening gehou word met die beperkte akkomodasiegeriewe in die distrik en soms moes veldwerkers as gevolg hiervan ver buite hul werkgebied oornag.

Wat die steekproewe van Swartes betref, moes daar noodgedwonge gewerk word in veelvoude van nege, aangesien nege veldwerkers met een voertuig vervoer is. Soos verwag kan word, het verder geblyk dat sommige veldwerkers probleme ondervind wanneer daar oorgeskakel word van die toepassing van die vraelys van een steekproef na dié van 'n ander. Dit het tot gevolg gehad dat die veldwerk van die drie steekproewe van Swartes afsonderlik afgehandel moes word, met die gevolg dat dikwels by 'n opnamepunt in een van die steekproewe verby gereis moes word om 'n opnamepunt in 'n ander steekproef te bereik.

Goedkeuring om die onderhoude op Blanke plase met plaaswerkers te voer, moes vooraf van die boer verkry word. Baie boere wou tereg byvoorbeeld eers die vraelys deurgaans alvorens toestemming verleen is. Werkers was dikwels ook versprei op die plaas en hierdie aspekte het baie tyd in beslag geneem.

1.3 BEGRIPSOMSKRYWING

Gerieflikheidshalwe word in die teks soos volg verwys na die verskillende steekproewe:

- (a) Steekproef van Blanke boere en boerdery-ondernemings
 - Daar word slegs verwys na Blanke boere.
- (b) Steekproef van Swart plaaswerkers
 - In die teks word slegs verwys na plaaswerkers.
- (c) Steekproef van Swart werksoekers
 - Die groep word werksoekers genoem.
- (d) Steekproef van inwoners van Gazankulu en Lebowa
 - Daar word verwys na inwoners.
- (e) Totale steekproef van Swart plaaswerkers, werksoekers en inwoners gesamentlik
 - In die ontledings wat gedoen is vir die drie groepe gesamentlik word verwys na die ondersoekgroep.

Wat aard van indiensneming betref, is daar soos volg onderskei tussen vier groepe:

- (a) Werkers wat op die plaas woon: Hierdie groep is gedurende die veldwerk omskryf as persone wat permanent (een jaar of langer) met hulle gesinne of as lid van 'n gesin op die plaas woon. Vroue wat nie permanent werk nie maar byvoorbeeld net help met sekere seisoensarbeid is nie hierby ingesluit nie. So ook vroue wat net sekere dae van die week werk en skoolgaande kinders wat gedurende skoolvakansies werk.
- (b) Kontrakwerkers is werkers waarmee die boer 'n kontrak aangegaan het (gewoonlik mondelings) vir minstens een maand. Hierdie groep is onderverdeel in twee subgroepe, naamlik

- (i) persone vir wie die boer slaapplek voorsien. Die groep sluit werkers in wat by werkers wat op die plaas woon, slaap asook werkers vir wie die boer slaapplek op 'n ander plaas verskaf en daaglik na die betrokke plaas vervoer.
- (ii) pendelaars, wat werkers insluit wat op 'n daaglikse basis deur die toedoen van die boer of op eie stoom tussen 'n ander woonplek en die betrokke plaas beweeg. Die groep waarna by (b) (i) verwys is, is egter uitgesluit.
- (c) Seisoen- of loswerkers is persone wat daaglik of weeklik hul dienste aanmeld.

2. BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEKGROEPE

2.1 BLANKE BOERE

2.1.1 Biografiese eienskappe

Die meerderheid boere (76,0 %) is Afrikaanssprekend en relatief meer boere kan Noord-Sotho praat (41,4 %) as wat die geval is met Tsonga (17,7 %). Die gemiddelde ouderdom van boere in die Letabadistrik stem goed ooreen met dié van boere in die RSA. Uit die 1980-bevolkingsensus blyk egter dat boere in die RSA gemiddeld aansienlik ouer is as die totale ekonomies bedrywige Blanke manlike arbeidsmag. Die neiging na groter landbou-eenhede en beperking van boerderygeleenthede tot seuns van boere is waarskynlik die belangrikste redes hoekom daar relatief min jong boere toetree tot boerdery. Bykans twee derdes van die ondersoekgroep het voorheen 'n ander beroep as boer beoefen, waarvan die meeste nie met landbou verband hou nie. Net meer as twee derdes van die boere beskik oor minstens standerd tien of 'n gelykwaardige kwalifikasie en meer as een derde het naskoolse opleiding ontvang. Die meerderheid van laasgenoemde groep het egter in 'n ander rigting as landbou studeer.

2.1.2 Boerderybedrywighe

Bykans driekwart van die boere is alleen- of mede-eienaars en die res is merendeels bestuurders van maatskappyboerderye. Daar is verder groot variasie in die grootte van die boerdery-eenhede en die mediaanwaarde kom te staan op 380 hektaar. By benadering het elke boerdery gemiddeld drie komponente, waarvan in terme van die getal boere betrokke by beesboerdery, tamaties en ander groente, sitrus en ander subtropiese vrugte die belangrikste is. In terme van persentasie inkomste is bees- en tamatieboerdery die belangrikste eerste aktiwiteit, gevolg deur sitrus en avokado's. Die 192 boere wat ingesluit is, verteenwoordig produksie van 39 soorte landbougewasse, bees- en wildboerdery. Die belang van hierdie aktiwiteite wissel in verskillende dele van die distrik.

2.2 PLAASWERKERS, INWONERS EN WERKSOEKERS

Die betrokkenheid van vroue by landbou in die Letabadistrik is opvallend en bykans die helfte van die steekproef van plaaswerkers is vroue. Plaaswerkers is aansienlik ouer as inwoners en werksoekers. Die mediaanwaardes in die genoemde volgorde kom te staan op 37,0; 31,8 en 24,3 jaar.

Die verteenwoordiging van die verskillende etniese groepe soos verkry van plaaswerkers en boere stem goed ooreen en die verhouding is nagenoeg vier Shangaan-Tsongas tot ses Noord-Sotho's. Ongeveer driekwart van al drie steekproewe is beide Tsonga en Noord-Sotho magtig. In totaal kan meer as 40 % ook Afrikaans praat en die persentasie wat Engels kan praat, kom op min of meer 30 % te staan.


Bykans twee derdes van die plaaswerkers het geen skoolopleiding ontvang nie terwyl net meer as een derde van die inwoners en ongeveer een uit elke agt van die werksoekers in dié kategorie ressorteer. Opleiding vir 'n bestuurderslisensie is die enigste ander vorm van opleiding waarvoor 'n relatief groot groep persone beskik (8,8 % van die drie groepe gesamentlik).

'n CHAID-ontleding waarin biografiese besonderhede gebruik is om die keuse van plaaswerk of ander werk te voorspel, toon dat opleiding 'n belangrike rol speel. Relatief meer ongeskoolde persone wend hul tot plaaswerk as wat die geval is vir halfgeskoolde en geskoolde persone. Verder is relatief meer ongeskoolde vroue as mans by landbou betrokke. Ouderdom en etniese groep speel nie 'n rol in die keuse van plaaswerk of ander werk nie.

Dit is verder duidelik dat die droogte wat tans ondervind word die ondersoekgroep swaar getref het en 'n duidelike merk gelaat het op die veestapel van Gazankulu en Lebowa. Alhoewel relatief min persone van die drie groepe diere aanhou, het die wat wel aanhou, groot verliese gely. Meer beeste as ander diere word aangehou en die beeskudde is met meer as die helfte verminder. (Die syfers sluit verkope in.) Plaaswerkers wat beeste in 'n nasionale staat aanhou, het in 'n mindere mate verliese gely as inwoners en werksoekers.

Dit is verder duidelik dat minder as die helfte van die totale groep in 'n normale jaar mielies produseer. Die gemiddelde jaarlikse opbrengs in 'n normale jaar is minder as vyf sakke per huishouding terwyl die gemiddelde getal afhanklikes op vyf te staan kom.

FIGUUR 2
 INDIENSNUMING VAN SWART WERKERS OP PLASE VOLGENS SUBDISTRIK EN AARD VAN INDIENSNUMING



3. DIE WERKSITUASIE VAN SWART WERKERS IN DIE LETABADISTRIK

3.1 SOORT WERK

Die samestelling van die Swart arbeidsmag volgens subdistrik en aard van indiensneming word in figuur 2 geïllustreer.

Die groot variasie blyk duidelik uit die figuur en in sommige dele van die distrik word hoofsaaklik van werkers gebruik gemaak wat permanent op die plaas woon, in ander dele word in 'n groter mate gebruik gemaak van kontrakarbeid terwyl in die Trichardsdalgebied seisoenarbeid die belangrikste komponent van die arbeidsmag vorm. 'n Verdere belangrike verskil ten opsigte van seisoenfluktuasies in die vraag is duidelik uit die figuur.

Inligting omtrent die beroepe van plaaswerkers toon dat die oorgrote meerderheid werkgeleenthede gewone arbeiderswerk behels en dat ander beroepe soos vragmotor- en trekkerbestuurders, operateurs, klerke, voormanne en huishoudelike werkers grootliks bestaan uit werkers wat permanent op die plaas woon. Waterleier, skoffelwerker, plukker en pakker is die belangrikste arbeiderswerk en hierdie vier beroepe verteenwoordig bykans die helfte van die werkgeleenthede op plase.

Die werkvoorkeure en redes daarvoor wat al drie groepe genoem het (plaaswerkers, inwoners en werksoekers) dui aan dat bekendheid met sekere werk die vernaamste rede is hoekom respondente 'n voorkeur daarvoor het. Bykans een kwart van die plaaswerkers het egter aangedui dat hulle nie van plaaswerk hou nie en die belangrikste redes hiervoor is die veeleisendheid van die werk, onbevredigende werksomstandighede en gevare verbonde aan die werk. Laasgenoemde sluit indirekte gevare soos uitputting en benadeling van gesondheid in.

Mynwerk vorm die belangrikste afkeerwerk buite plaasverband en 30 % van die drie steekproewe gesamentlik het aangedui dat hulle nie mynwerk wil doen nie.

Salaris is die belangrikste oorweging in die keuse van werkgewer, gevolg deur die simpatieke ontrede van die werkgewer en een van dié twee oorwegings is deur ongeveer twee derdes van elk van die drie steekproewe Swartes aangevoer.

3.2 LONE

Die mediaaninkomste van die verskillende steekproewe Swartes verskyn in tabel 1 en tabel 2 toon die minimum, gemiddelde en maksimum kontantlone wat boere betaal volgens beroep.

Die goeie ooreenstemming tussen die kontantlone soos weergegee in die twee tabelle toon die hoë mate van geldigheid van die inligting, waarna in par. 1.2 verwys is. Plaaswerkers is in die geheel swakker daaraan toe as inwoners en werksoekers in hul vorige beroepe. Dit is verder opvallend dat huishoudelike werk van al drie steekproewe die laags besoldigde beroep is. Die mediaanbedrag wat die kersfeesbonus van plaaswerkers uitmaak, is nie alleen laer as dié vir die ander steekproewe nie, maar relatief minder plaaswerkers as van die ander groepe ontvang hierdie bonus. Die groot variasie in die loonpeile van verskillende boere blyk duidelik uit tabel 2. Die verskil tussen die minimum- en maksimum-lone toon egter dat daar wel geleentheid bestaan vir vordering in salaris. Produktiwiteit, die stygende lewenskoste en lengte van dienstermyn is in genoemde volgorde deur boere aangedui as die belangrikste maatstawwe wat gebruik word vir verhoging van lone. Die persentasie tussen hakies in tabel 2 toon dat daar gedurende die voorafgaande twee jaar wel aansienlike loonsverhogings plaasgevind het.

Die verskil in arbeidsintensiteit van die verskillende gewasse het tot gevolg dat loonkoste vir een kwart van die boere te staan kom op 33 % of meer van die totale produksiekoste terwyl n ander een kwart aangedui het dat arbeidskoste 18 % of minder van die totale kostes beloop. Dit is egter opvallend dat net 84 van die 192 boere wat deelgeneem het gereeld hierdie berekening doen. Die geskatte waardes wat van die oorblywende groep verkry is, is gemiddeld in die orde van 2 % hoër as die waardes vir boere wat wel die berekening doen.

TABEL 1

MEDIANINKOMSTE ¹⁾ VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS BEROEP SOOS DEUR SWART RESPONDENTE AANGEDUI

(a) Plaaswerkers

B e r o e p	Inkomste (mediaan)					
	N	Kontant maandeliks	Waarde van goedere maandeliks	Bonus maandeliks	Totale maandelikse inkomste	Kersfeesbonus N Me
Klerk	17	115,00	38,00	7,50	160,50	10 142,50
Voorman	39	70,00	22,50	4,00	96,50	23 30,00
Vragmotorbestuurder	34	122,50	50,00	20,00	192,50	20 70,00
Trekkerbestuurder	31	65,00	12,50	25,00	102,50	14 113,89
Operateur (Halfgeskool)	53	60,00	31,00	7,00	98,00	25 60,00
Huisbediende/Tuinier	25	36,00	15,00	2,00	53,00	9 30,00
Arbeider	386	37,00	20,00	5,00	62,00	160 22,50

44,6 % kry bonus

(b) Inwoners

B e r o e p	Inkomste (mediaan)					
	N	Kontant maandeliks	Waarde van goedere maandeliks	Bonus maandeliks	Totale maandelikse inkomste	Kersfeesbonus N Me
Klerk	40	165,00	70,00	5,00	240,00	35 200,00
Voorman	5					
Vragmotorbestuurder	25	250,00	32,50	27,50	310,00	21 200,00
Trekkerbestuurder	16	70,00	15,00	27,50	112,50	12 55,00
Operateur (Halfgeskool)	73	154,00	50,00	10,00	214,00	37 160,00
Huisbediende/Tuinier	59	50,00	20,00	10,00	80,00	30 50,00
Arbeider	129	40,00	17,00	10,00	67,00	66 40,00

57,9 % kry bonus

(c) Werksoekers

B e r o e p	Vorige inkomste (mediaan)					
	N	Kontant maandeliks	Waarde van goedere maandeliks	Bonus maandeliks	Totale maandelikse inkomste	Kersfeesbonus N Me
Klerk	9					
Voorman	2					
Vragmotorbestuurder	25	190,00	60,00	15,00	265,00	15 230,00
Trekkerbestuurder	85	160,00	30,00	20,00	210,00	61 150,00
Operateur (Halfgeskool)	103	182,00	50,00	50,00	282,00	61 160,00
Huisbediende/Tuinier	13	79,00	40,00	10,00	129,00	10 140,00
Arbeider	77	120,00	40,00	10,00	170,00	44 130,00

62,7 % het bonus gekry

¹⁾ Die mediaanwaardes is nie bereken vir groepe kleiner as 10 nie.

TABEL 2

MINIMUM, MAKSIMUM EN GEMIDDELDE KONTANTLONE WAT BOERE BETAAL VOLGENS BEROEP

B e r o e p	Rand/maand						
	1983			1982		1981	
	N ¹⁾	Q1	Me	Q3	Me ²⁾	Me ³⁾	
Klerk	Min.	80	127	176			
	Gem.	89	178	240	103	88	
	Maks.	110	238	276	(72,8 %)	(17,0 %)	
Voorman	Min.	50	64	90			
	Gem.	55	75	110	60	52	
	Maks.	60	100	150	(25,0 %)	(15,4 %)	
Vragmotorbestuurder	Min.	100	125	160			
	Gem.	100	150	200	115	100	
	Maks.	120	160	300	(30,4 %)	(15,0 %)	
Trekkerbestuurder	Min.	45	60	75			
	Gem.	50	65	90	59	50	
	Maks.	60	75	115	(10,2 %)	(18,0 %)	
Operateur (halfgeskool)	Min.	50	75	113			
	Gem.	61	80	119	64	60	
	Maks.	65	82	142	(25,0 %)	(6,7 %)	
Huisbediende/Tuinwerker	Min.	35	40	50			
	Gem.	40	45	50	40	30	
	Maks.	40	50	60	(12,5 %)	(33,3 %)	
Arbeider	Min.	32	40	100			
	Gem.	35	45	89	40	35	
	Maks.	40	55	120	(12,5 %)	(14,3 %)	

N¹⁾ = die getal boere van wie die inligting verkry is. Die syfer vir arbeiders is groter as wat die totale steekproef is omdat n boer meer as een tipe arbeider kan hê, waarvoor die inligting afsonderlik verkry is.

Me²⁾ = Die persentasie tussen hakies toon die loonstyging 1982-1983.

Me³⁾ = Die persentasie tussen hakies toon die loonstyging 1981-1982.

Tabel 3 toon die huidige of vorige kontantloon van al drie steekproewe Swartes in vergelyking met die minimum verwagte loon.

Die verskille tussen die twee waardes volgens beroep is deurgaans hoër vir plaaswerkers as vir inwoners en werksoekers. Dit is verder opvallend dat huishoudelike werkers van al drie groepe die grootste verskil toon en huishoudelike werkers op plase verwag meer as dubbel hul huidige loon.

Daar is verder vasgestel dat werkers wat op stukwerkbasis werk oor die algemeen 'n hoër kontantloon ontvang as werkers wat op 'n loonbasis werk. Slegs 6,0 % van die drie steekproewe gesamentlik verkies egter stukwerk bo 'n loongrondslag. Die moontlikheid van misverstand is egter nie uitgesluit nie, aangesien sommige boere die term "kontrakwerk" gebruik as hulle na stukwerk verwys.

Die periode waaroor boere lone uitbetaal, verskil hoofsaaklik daarin dat permanente werkers en kontrakwerkers hoofsaaklik maandeliks betaal word terwyl seisoenwerkers wekliks, tweewekliks of maandeliks betaal word. Bykans twee derdes van die plaaswerkers het aangeduid dat hulle verkies om maandeliks betaal te word terwyl 'n verdere meer as een kwart tweeweeklikse betaling verkies en die oorblywende net meer as tien persent verkies om wekliks betaal te word.

Daar is goeie ooreenstemming in die dag van die week waarop lone deur boere betaal word en die keuse van werkers. Die einde van die week is die algemene gebruik en populêre keuse.

3.3 DIENSVOORDELE

3.3.1 Rantsoene

Die meerderheid boere verskaf 'n reeks produkte gratis aan hul werkers. Mielie-meel en groente en vrugte is die algemeenste. Meer boere verskaf rantsoene aan permanente werkers wat op die plaas woon of kontrakwerkers in kampongs as wat die geval is vir kontrakpendelaars en seisoenwerkers. Volgens die boere is die uitgawe verbonde aan rantsoene gemiddeld 76-93 sent per werker per dag. Minder as die helfte van die boere doen egter hierdie berekening en die wat dit nie doen nie se raming van die koste is gemiddeld effens hoër as die berekende koste van die ander groep.

TABEL 3

HUIDIGE KONTANTLOON VAN SMART RESPONDENTE TEENOOR VERWAGTE MINIMUMLOON (PER MAAND) MET VERSKIL IN PERSENTASIE UITGEDRUK VOLGENS SUBGROEP EN BERÖEP

O n d e r s o e k g r o e p									
	Plaaswerkers			Inwoners			Werksoekers		
	N	Me ¹⁾	Verskil %	N	Me ¹⁾	Verskil %	N	Me ¹⁾	Verskil %
Klerke	Huidig	6		40	165,00		25	190,00	
	Verwag	6		39	200,00	+21,2	24	200,00	+ 5,3
Voormanne	Huidig	17	70,00	25	250,00		85	160,00	
	Verwag	17	100,00	23	200,00	-20,0	109	180,00	+12,5
Vragmotorbestuurders	Huidig	39	122,50	16	70,00		103	182,00	
	Verwag	38	190,00	105	90,00	+28,6	102	200,00	+ 9,9
Trekkerbestuurders	Huidig	34	65,00	73	154,00		13	79,00	
	Verwag	34	100,00	71	180,00	+16,9	13	120,00	+51,9
Operateurs (Halfgeskooldes)	Huidig	31	60,00	59	50,00		77	120,00	
	Verwag	31	103,00	62	80,00	+60,0	99	150,00	+25,0
Huisbediendes/Tuiniers	Huidig	53	36,00	129	40,00				
	Verwag	52	80,00	131	80,00	+50,0			
Arbeiders	Huidig	25	37,00						
	Verwag	25	65,00			+75,7			

Me¹⁾ Die mediaan is nie bereken vir groepe kleiner as 10 nie.

3.3.2 Behuising

Meer as die helfte van die werkers woon permanent met hul gesinne op die plaas en bykans driekwart van die gesinne wat op die plaas woon, word in baksteenhuise gehuisves. Die oorblywende groep woon hoofsaaklik in kleihutte. Enkellopers wat op die plaas gehuisves word, woon oorwegend in kampongs. Toiletgeriewe, bad- en stortgeriewe, wasgeriewe vir klere en skottelgoed en vullisverwyderingsdienste word deur die meerderheid boere voorsien ten opsigte van baksteenhuise en kampongs. Die belangrikste maatreël sover dit watervoorsiening betref is om behuising naby "veilige water" op te rig. Dienste word in 'n mindere mate verskaf vir gesinne wat in kleihutte woon as wat hierbo weerspieël is vir baksteenhuise en kampongs.

Slegs 3,8 % van die boere wat reeds baksteenhuise of kampongs opgerig het, het van 'n lening van die Departement van Landbou gebruik gemaak. Die beskikbaarheid van eie fondse, te streng bouregulasies en die tyd wat dit duur word in genoemde volgorde as die belangrikste redes aangevoer hoekom hierdie fasiliteit nie gebruik word nie.

3.3.3 Pendelsituasie

Dit is opvallend dat alhoewel meer as die helfte van die plaaswerkers permanent met hul gesinne op die plaas woon, slegs 15,2 % van die plaaswerkers dit verkies. Daar is egter 'n groot behoefte aan oornagfasiliteite gedurende die week. Meer as een derde van die plaaswerkers verkies egter om op 'n daaglikse basis tussen woon en werkplek te pendel. Verskillende redes word aangevoer vir elke keuse en vervoerprobleme en gesinsverpligtinge is die belangrikste redes hoekom werkers verkies om met hul gesinne op die plaas te slaap. Persone wat verkies om te pendel het oorwegend aangedui dat hulle verkies om daaglik by hul gesinne te wees. Die behoefte aan besit van 'n eie woning kom verder by elk van die keuses na vore en bykans een vyfde van die werkers wat verkies om op die plaas te woon het hierdie keuse gedoen omdat hulle daar 'n eie woning het. Die ooreenstemmende persentasie by die ander keuses is kleiner.

Meer as twee derdes van die pendelaars word daaglik met oop voertuie vervoer terwyl net 27,5 % van die plaaswerkers met hierdie wyse van vervoer tevrede is. Die grootste groep pendelaars verkies busse. Meer as 80 % van die pendelaars woon egter minder as vyf kilometer vanaf hul werkplek.

3.3.4 Verlof en ander voordele

Die meeste boere staan wel verlof toe met vol betaling aan sekere van hul werkers en twee tot drie weke per jaar is die algemene lengte van die verlof. Dié diensvoordeel bestaan in 'n groter mate vir permanente werkers as vir kontrakwerkers, maar min werkers word hierdeur geraak. Meer as een kwart van die boere is verder bereid om verlof sonder betaling toe te staan, ook vir 'n periode wat wissel tussen twee tot drie weke vir permanente werkers, terwyl meer as driekwart van die boere hierdie vergunning aan kontrakwerkers doen. Die getal boere wat siekteverlof met en sonder betaling toestaan stem goed ooreen met die vakansieverlofvoordeel en 'n maksimumperiode van 21 dae is algemene gebruik.

Bykans alle boere ondersteun werkers op een of ander wyse sover dit mediese uitgawes betref. Vergoeding vir uitgawes en beskikbaarstelling van kliniekdienste is die algemeenste metodes wat gebruik word. Verdere voordele soos krediet-fasiliteite en beskikbaarstelling van grond vir aanplanting van voedsel vir eie gebruik word algemeen deur boere verskaf aan werkers.

3.4 SOSIALE INFRASTRUKTUUR

Skoolgeriewe, lokale vir kerkdienste en ontspanningsgeriewe is op min plase beskikbaar, maar op min of meer die helfte van die plase waar die geriewe wel bestaan, is dit oop vir werkers en hul kinders van buurplase. Skoolgeriewe is feitlik deurgaans oop vir ander werkers se kinders. Die meerderheid boere wie se werkers van geriewe op buurplase gebruik maak, bied finansiële steun aan die betrokke boer vir dié diens.

Uit 'n reeks vrae aan Swart respondente oor die relatiewe voorkeure ten opsigte van mediese, skool-, sport-, kerk- en musiek- en dansgeriewe tot mekaar, blyk dat die volgende belangrikheidsorde vir plaaswerkers, werksoekers en inwoners geld: Kerkgeriewe beklee die eerste posisie, gevolg deur mediese, skool-, musiek- en dans en sportgeriewe in die genoemde volgorde.

3.5 ORGANISASIE VAN WERK

Die werkswaek op die meeste plase bestaan uit vyf, vyf-en-'n-half of ses dae. Slegs noodsaaklike dienswerkers soos melkers, vervoerwerkers, waterleiers sowel as huisbediendes werk as 'n reël sewe dae. Die werksdag wissel tussen agt en twaalf uur en 'n halfuur word redelik algemeen toegestaan vir ontbyt terwyl die oorgrote meerderheid boere een uur lank breek vir middagete. Die meerderheid boere tref op reëndae spesiale reëlings vir werkers wat normaalweg buite werk.

Spesiale vergunnings wanneer huwelike en begrafnisse plaasvind waarby werkers betrokke is, word deur ongeveer 70 % van die boere toegestaan, waarvan spesiale verlof die belangrikste vergunning is.

Boere tree egter sterk op teen afwesighede sonder die nodige voorafreëlings. Finansiële penalisasie op verskillende wyses is die belangrikste maatreël. Die meeste boere is egter wel bereid om meriete-aspekte in aanmerking te neem wanneer werkers vooraf die nodige reëlings tref.

Die kleiner boere hou hoofsaaklik self toesig terwyl groot boere meestal of altyd van Swart toesighouers gebruik maak.

3.6 WERWING, REGISTRASIE EN VERWANTE SAKE

Boere maak omtrent glad nie van die indiensplasingdienste van arbeidsburo's gebruik nie. Ongeveer twee derdes van die boere maak glad nie van enige vorm van werwing gebruik nie omdat voldoende werksoekers op eie stoom opdaag. Die algemeenste metode wat wel gebruik word, is deur eie werkers te versoek om geskikte persone te werf. Boere is oënskynlik tevrede met hierdie toedrag van sake.

Wat registrasie van werkers by die arbeidsburo betref, het 21,9 % van die boere aangedui dat hulle wel probleme ondervind. Die belangrikste probleem is 'n hoë arbeidsomset en dat registrasie as gevolg hiervan nie geregverdig is nie. Rompslomp en ondoeltreffendheid van die kant van die arbeidsburo en onvolledige dokumentasie van Swartes is verdere redes wat genoem is. Net 15,9 % van die plaaswerkers het aangedui dat hulle wel geregistreer is as werknemers.

3.7 WERKLOOSHEID EN TEKORTE

Daar is reeds genoem dat daar wel 'n teenstrydigheid bestaan in dié sin dat daar na raming tentyde van die ondersoek 19,1 % werkloses tussen 16 en 65 jaar in die Swart bevolking was, terwyl 41,3 % van die boere aangedui het dat hulle tekorte ondervind. Hierdie aspek is waarskynlik grondliggend aan die kommer wat by die KOS bestaan oor arbeidsvoorsiening en stabiliteit.

Dit blyk dat vir ongeveer driekwart van die boere wat tekorte ondervind, die tekort seisoengebonde is, terwyl die tekort vir die oorblywende groep deurlopend

voorkom. 'n Verdere teenstrydigheid is geïdentifiseer deurdat daar 'n groter tekort bestaan aan permanente werkers as aan seisoenwerkers, terwyl die meerderheid boere seisoentekorte ondervind. Boere wat wel tekorte ondervind, meen dat werkskuheid die belangrikste rede vir die tekorte is terwyl boere wat nie tekorte ondervind nie goeie arbeidsverhoudinge en kommunikasie as belangrikste rede vir hul gelukkige situasie genoem het. Verskerping van werwing en meganisasie is die belangrikste wyses wat gebruik word om tekorte die hoof te bied, maar produksie word nietemin met gemiddeld bykans 20 % verminder as gevolg van tekorte by die betrokke boere.

Die belangrikste rede wat werksoekers aanvoer vir hul werkloosheid is 'n skaarste aan werk en slegs vier werksoekers kon reeds werk kry maar het dit van die hand gewys. Dit is verder opvallend dat bykans driekwart van die werksoekers nie as sodanig geregistreer is by die arbeidsburo nie, maar wel tydens die veldwerk fisies daar aangetref is.

Die meerderheid werklooses is afhanklik van familie of vriende en daar bestaan 'n groot mate van negatiwiteit onder Swartes teenoor werklooses. Diefstal, werkskuheid en verwaarlosing van afhanklikes word aangevoer as belangrike redes hoekom daar op werklooses neergesien word. Die meerderheid Swart respondente van al drie steekproewe is egter van mening dat Blankes nie neersien op werklooses nie. Pogings van Blankes om meer werkgeleenthede te skep en begrip vir die situasie is die belangrikste redes vir die respons. Natuurlike faktore soos die droogte en die wil van God is na die mening van die respondente van al drie groepe die belangrikste rede vir werkloosheid. Die blaam word egter deur bykans een derde van die drie groepe gesamentlik geplaas op die regeringsdiens van Gazankulu of Lebowa en deur 'n verdere groep (17,2 % in totaal) op Blankes of die sentrale regering.

4 BELANGRIKSTE FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL IN DIE VOORSIENING EN STABILITEIT VAN PLAASARBEID

4.1 INLEIDING

In hierdie paragraaf word die belangrikste faktore wat statisties in verband gebring kan word met arbeidsvoorsiening en stabiliteit deur gebruik van meervoudige statistiese tegnieke geselekteer. Die inligting wat van Blanke boere verkry is, word ontleed om te bepaal watter faktore in verband met arbeidstekorte gebring kan word, terwyl faktore wat 'n rol speel in voorkeur vir plaaswerk of ander werk, ondersoek word uit die inligting wat van Swart respondente verkry is. Die CHAID-analise, van die volledige verslag, is 'n geskikte tegniek vir ontleding van die inligting van Swart respondente. Die steekproef van boere is egter te klein vir 'n CHAID-ontleding en logistiese regressie-ontleding blyk die beste tegniek te wees vir die doel. Volledige inligting oor laasgenoemde tegniek kan verkry word uit die publikasies van Miller en Erikson (1974) en Kleinbaum en Kupper (1978). Die belangrikste eienskappe van hierdie tegniek is dat die data gepas word aan 'n teoretiese model wat gebaseer is op die data. Die verklarende veranderlikes of voorspellers word gebruik om 'n formule te ontwikkel vir 'n regressielyn, wat die verskil in die afhanklike veranderlike (in die geval tekorte/nie tekorte) die beste verklaar. Die tegniek verskil van reglynige regressie daarin dat daar nie van die werklike kleinste kwadrate in die passing gebruik gemaak word nie maar wel van geweegde kleinste kwadrate. Die gewone metode van kleinste kwadrate (of reglynige regressie) kan slegs gebruik word wanneer die afhanklike veranderlike se kategorieë op 'n kontinuum lê met gelyke intervalle. Dit is nie die geval met die afhanklike veranderlike wat hier gebruik word nie, naamlik tekorte aan arbeid, of nie tekorte nie. 'n Metode van geweegde kleinste kwadrate is dus die aangewese metode vir die ontledings.

Statistiese metodes wat gebruik word om die sterkte van verbande of assosiasies te bepaal, is almal meganies van aard. 'n Sterk statistiese verband dui dus nie noodwendig op 'n oorsaaklike verband nie. Die statistiese verband kan deur ander faktore veroorsaak word.

Statisties beduidende verbande in die geesteswetenskappe moet met sorg geïnterpreteer word. Wanneer die begrip "verklaar" dus in die teks gebruik word, word daarmee nie veronderstel dat daardie aspek die oorsaak is nie. Ten spyte van hierdie probleem leer 'n mens tog veel uit die verbande wat aangetoon kan word.

Soos wat die geval is met die meeste voorspellingstegnieke, het logistiese regressie ook die beperking dat daar nie te veel voorspellers gelyktydig gebruik moet word nie. Die maksimum aantal voorspellers word normaalweg bepaal deur die grootte van die steekproef. Dié beperking geld te meer wanneer veranderlikes gebruik word waarvan die kategorieë nie op 'n kontinuum lê nie, byvoorbeeld subdistrik waarin plaas geleë is. Gevolglik is die ontleding in stappe uitgevoer en in elke stap is 'n ander reeks voorspellers gebruik. In die finale stap is al die voorspellers wat wel 'n beduidende bydrae lewer tot die verklaring van tekorte in die verskillende stappe, gesamentlik gebruik om te bepaal watter van dié reeks die belangrikste rol speel.

4.2 FAKTORE WAT VERBAND HOU MET ARBEIDSTEKORTE BY DIE STEEKPROEF VAN BOERE

Die volgende veranderlikes wat op logiese en teoretiese gronde gekies is, is gebruik.

Stap 1: Biografiese faktore

- (1) Ouderdom: Kontinu (25-83 jr.)
- (2) Huistaal: Afrikaans/Engels
- (3) Afstand vanaf Swart gebied:(kontinu in km.)
- (4) Opleiding: Laerskool/st. 6-9/st. 10/naskools
- (5) Swart taal (praat): Goed/redelik/swak/glad nie

Stap 2: Besonderhede van boerdery

- (1) Grootte van die boerderyeenheid binne Letabadistrik:
(kontinu in ha.)
- (2) Belangrikste boerdery-aktiwiteit: Bees en wild/sitrus/avokado's/
tamaties/ander.
- (3) Subdistrik: A/B+C/E+F/D+J/Ander.

Stap 3: Rantsoene en lone

(1) Minimumkontantloon wat boer aan arbeiders betaal. Indien 'n boer meer as een tipe arbeider gebruik, byvoorbeeld plukkers en pakkers, en hulle verskillende lone ontvang, is die laagste minimum gebruik:

Kontinu (Rand/maand).

(2) Rantsoen (meliemeel): daaglik/weeklik/maandelik/wanneer beskikbaar/glad nie.

(3) Rantsoen (vleis): selfde kategorieë as vir meliemeel.

(4) Rantsoen (Proteïensubstituut): selfde kategorieë as vir meliemeel.

(5) Rantsoen (melk): selfde kategorieë as vir meliemeel.

(6) Rantsoen (groente/vrugte): selfde kategorieë as vir meliemeel

(7) Waarde van rantsoen in 2-6: kontinu (sent/kapita/dag)

Stap 4: Sosiale infrastruktuur

Die getal boere aan wie se werkers skole, kliniekdienste, fasiliteite vir kerkdienste en sportgeriewe beskikbaar is, is laag. Verder is die dienste wat wel beskikbaar is soms op die buurplaas, wat aan 'n ander boer behoort, beskikbaar. Boere wat bogenoemde fasiliteite op hul eie plase beskikbaar stel het egter gewoonlik relatief groot getalle werkers in diens. Die totale getal werkers in diens is gevolglik as substituut gebruik om hierdie veranderlikes in 'n mate te ondervang.

(1) Totale getal Swart werkers: kontinu

(2) Getal gesinne wat op die plaas gehuisves word: kontinu

(3) Getal enkellopers wat in kampongs gehuisves word: kontinu

Stap 5: Organisasie van die werk

(1) Lengte van werkweek: 5 dae/5½ dae/6 dae/ander

(2) Vaste werkure: Ja/Nee

(3) Toesighouding: Altyd of meestal Swart toesighouers/Ander

(4) Hantering van afwesighede: finansiële penalisasie/neem meriete in ag/Ander

(5) Betaling van lone aan permanente werkers: Tweeweeklik/maandelik/ander

(6) Betaling van lone aan kontrakwerkers: Tweeweeklik/maandelik/ander

(7) Betaling van lone aan seisoenwerkers: Weekliks/tweeweekliks/
maandeliks/ander.

Stap 6: Aspekte in verband met arbeidsverhoudinge

Die antwoorde op sekere vrae gee in 'n mate 'n aanduiding van die gesindheid van die boer teenoor sy werkers. Spesiale aanpassings in die werkprogram wanneer huwelike en begrafnisse plaasvind, asook finansiële hulpverlening in genoemde gevalle sal na verwagting byvoorbeeld in groter mate gedoen word deur boere wat streef na goeie verhoudinge met hul werkers as wat vir die omgekeerde gevalle sou geld. Uit vorige navorsing van die RGN (Smit, 1980), waarin werkgewers gevra is om Swart werkers te beoordeel ten opsigte van sekere kwaliteite soos eerlikheid en hardwerkendheid, het geblyk dat hierdie beoordeling in 'n sekere mate beïnvloed word deur die werkgewer se ingesteldheid teenoor sy werkers. Werkgewers wat positief teenoor hul werkers ingestel is, sien ook die werkers as eerliker, hardwerkender, ensovoorts as wat die geval is met werkgewers wat minder positief ingestel is. Die korrelasie tussen die tellings wat op verskillende eienskappe verkry is, toon dat die beoordelings beduidend korreleer en dat sommering van die tellings geregverdig is. Teen hierdie agtergrond is boere versoek om 'n algemene beoordeling van hul werkers te maak ten opsigte van beleefdheid, hardwerkendheid, intelligensie, vaardigheid, lojaliteit, eerlikheid, spoed en verantwoordelikheid. Die beoordeling is vir mans en vroue en vir Shangaan-Tsongas en Noord-Sotho's afsonderlik gemaak.

Die volgende veranderlikes is in hierdie stap gebruik:

- (1) Verskaffing van krediet aan werkers: Ja/Nee
- (2) Finansiële hulp (mediese kostes): Ja/Nee
- (3) Finansiële hulp (huwelike/begravnisse): Ja/Nee
- (4) Spesiale reëlins (reëndae): Ja/Nee
- (5) Spesiale reëlins (huwelike/begravnisse): Ja/Nee
- (6) Ingesteldheid teenoor werkers (4 veranderlikes, naamlik mans en vroue en Shangaan-Tsonga en Noord-Sotho afsonderlik): kontinu (8-40).

Stap 7: Werwing en verwante aspekte

- (1) Werwingsmetode (kontrakwerkers): Werkers soek self/gebruik eie werkers/stuur vragmotor/ander.
- (2) Werwingsmetode (seisoenwerkers): Werkers soek self/gebruik eie werkers/stuur vragmotor/ander.
- (3) Persentasie wat Shangaan-Tsongas van die arbeidsmag verteenwoordig: Kontinu (0-100 %).
- (4) Rede vir getalsverhouding Shangaan-Tsonga tot Noord-Sotho: Natuurlike faktore/ander.
- (5) Behoefte aan formele opleiding van plaaswerkers: Ja/Nee.

Die resultate van die sewe stappe word in tabel 4 opgesom.

Dit is opvallend dat geen biografiese veranderlike (stap 1), geen aspek in verband met die ligging en grootte van die boerdery (stap 2) en geen aspek in verband met infrastruktuur (stap 4) 'n betekenisvolle bydrae maak tot die verklaring van tekorte nie. Verskillende aspekte in verband met rantsoene en lone sowel as finansiële hulp met mediese uitgawes en wyse van toesighouding is wel betekenisvolle voorspellers van tekorte. Die model neem verder 'n aantal veranderlikes op wat nie betekenisvol bydra tot die voorspelling nie, byvoorbeeld die persentasie wat Shangaan-Tsongas van die totale arbeidsmag uitmaak. Vir hierdie veranderlikes kan gesê word dat alhoewel hul nie betekenisvol bydra nie daar tog 'n neiging of 'n tendens in 'n sekere rigting bestaan. Die bydrae van die individuele veranderlikes wat in tabel 4 opgeneem is, word vervolgens bespreek. Daar word na voorspellers wat betekenisvol verband toon op die 5 %-peil verwys as voorspellers wat verband toon met tekorte en na voorspellers waarvan die verband nie betekenisvol is nie as voorspellers wat 'n neiging van verband weerspieël.

(a) Rantsoene (Stap 3)

Beduidend minder boere wat daaglik mieliemeel verskaf, het tekorte as wat die geval is vir boere wat glad nie mieliemeel verskaf nie. Daar is verder 'n neiging dat boere wat weeklik mieliemeel voorsien ook minder probleme het met tekorte as wat die geval is vir boere wat glad nie mieliemeel voorsien nie. Dit is eienaardig dat die omgekeerde neiging bestaan vir boere wat maandeliks

TABEL 4.

OPSOMMING VAN VOORSPELLING VAN TEKORTE (STAPPE 1-7)

Stap	Voorspeller	Koeffi- siënt (B)	Standaard- fout (SE)	$\frac{\beta}{SE}$
1	Geen			
2	Geen			
3	Mieliemeel: Nee → Maandeliks Nee → Weekliks Nee → Daagliks Melk: Nee → Wanneer beskikbaar Nee → Daagliks	-0,599 1,010 1,060 -0,544 1,930	0,346 0,667 0,390 1,100 0,000	-1,73 1,51 2,73* -4,95* 0,00
4	Geen			
5	Toesig: Swart → Ander Betaal lone (permanent): Stukwerk → loon Betaal lone (kontrak): Tweeweekliks → Stukwerk : Tweeweekliks → geen kontrakwerkers : Tweeweekliks → daagliks/weekliks	0,352 -0,661 -1,050 -0,138 1,330	0,175 0,192 0,344 0,374 0,557	2,01* -3,44 -3,05* -0,37 2,38*
6	Finansiële hulp (Medies) Ja → Nee Ingesteldheid (Shangaan-Tsongaman) neg. → pos.	-1,260 0,059	0,309 0,032	-4,07* 1,85
7	Persentasie Shangaan-Tsonga 0 → 100%	0,012	0,007	1,81

*Betekenisvol op die 5 %-peil ($\frac{\beta}{SE} > 1,96$)

mieliemeel voorsien en dit kom voor of hierdie groep boere meer tekorte het as boere wat glad nie meliemeel verskaf nie. Uit hierdie inligting moet nie afgelei word dat boere liewers glad nie as eenmaal 'n maand meliemeel moet verskaf nie. Die aangeduide verband sal langs 'n ander weg verklaar moet word. Boere wat graag werkers in diens wil neem, wat permanent op die plaas woon is meer geneig om te verklaar dat arbeidstekorte ondervind word. Dit is ook hierdie boere wat in 'n groter mate waarskynlik maandeliks meliemeel verskaf. Wat belangrik is, is dat gereelde voorsiening van voedsel (veral meliemeel) 'n duidelike verband met die afwesigheid van tekorte het. Wat voorsiening van melk as deel van die rantsoen betref, het meer boere wat melk voorsien wanneer dit beskikbaar is tekorte as boere wat glad nie melk voorsien nie. Daar is egter 'n neiging dat minder boere wat daaglik melk voorsien tekorte ondervind as wat die geval is met boere wat glad nie melk voorsien nie.

(b) Toesighouding (Stap 5)

Minder boere wat meestal of altyd Swart toesighouers gebruik as boere wat self toesighou of Blanke toesighouers gebruik, ondervind tekorte.

(c) Betaling van lone (Stap 5)

Boere wat hul permanente werkers op 'n stukwerkgrondslag betaal ondervind meer probleme met tekorte as boere wat op 'n vaste loonbasis betaal. Boere wat egter kontrakwerk hoofsaaklik op 'n stukwerkbasis vergoed, het minder tekorte as boere wat op 'n loonbasis tweeweeklik uitbetaal. Boere wat glad nie van kontrakwerkers gebruik maak nie neig om minder tekorte te ondervind as boere wat kontrakwerkers het en hul tweeweeklik vergoed. Boere wat hul kontrakwerkers tweeweeklik vergoed, het egter duidelik minder tekorte as boere wat hierdie groep daaglik of weeklik uitbetaal.

(d) Finansiële hulp met mediese uitgawes (Stap 6)

Daar is 'n sterk verband tussen hierdie veranderlike en tekorte. Meer boere wat nie finansiële steun bied nie as boere wat dit wel doen, het probleme met tekorte.

(e) Ingesteldheid teenoor werkers (Stap 6)

Alhoewel die ingesteldheid teenoor Shangaan-Tsonga- en Noord-Sothomans en teenoor vroue van beide etniese groepe gebruik is, neig die beoordeling van slegs Shangaan-Tsongamans om 'n rol in tekorte te speel. Boere wat positief teenoor die Shangaan-Tsongamans is, het minder tekorte as boere wat negatief teenoor die groep werkers is. Dit dien egter vermeld te word dat hierdie vier veranderlikes in dieselfde stap ingevoer is en die beoordeling van die vier groepe korreleer hoog met mekaar. Die ander drie beoordelings kon dus as gevolg van hierdie verband met mekaar deur die telling van Shangaan-Tsongamans verplaas wees. Die verband tussen die telling van Shangaan-Tsongamans en tekorte is egter sterker as dié vir die ander groepe.

(f) Samestelling van arbeidsmag, Shangaan-Tsonga tot Noord-Sotho (Stap 7)

Daar is 'n neiging dat boere wat meer Shangaan-Tsongas as Noord-Sotho's in diens het ook meer probleme met tekorte het as boere vir wie hierdie verhouding andersom is.

Die voorspellers wat in stappe 1-7 geselekteer is en waarvan inligting in tabel 4 verskyn, is vervolgens gesamentlik gebruik en die resultate van hierdie ontleding is in tabel 5 opgesom. Hierdie ontleding toon dat slegs sekere verskille in die toeken van mieliemeel en in die persentasies wat Shangaan-Tsongas uitmaak van die totale arbeidsmag 'n beduidende verband met tekorte toon. Die ander voorspellers wat in tabel 4 opgeneem is, word dus uitgeskakel deur die verband wat hierdie twee het met tekorte. Dit is verder interessant dat die verband tussen die persentasie Shangaan-Tsongas en tekorte in die finale ontleding sterker na vore kom as wat die geval was in stap 7, waarin dit aanvanklik opgeneem is, terwyl die rol van toesighouding vervaag het.

Tabel 6 toon die mate waarin daar met die veranderlikes van die finale stap (tabel 5) geslaag word om aan te dui watter boere tekorte ondervind en watter nie. Die tabel toon dat daar in totaal met nagenoeg 75 % sekerheid korrek aangedui kan word watter boere wel tekorte ondervind en watter nie. Die persentasie korrekte voorspellings vir boere wat nie tekorte ondervind nie is egter aansienlik hoër as vir boere wat wel tekorte ondervind (78,5 % teenoor 69,4 %).

TABEL 5
BELANGRIKSTE VOORSPELLERS VAN TEKORTE

Voorspeller	Koeffi- sient (β)	Standaard- fout (SE)	$\frac{\beta}{SE}$
Mieliemeel: Nee → Maandeliks	-0,882	0,358	-2,46*
Nee → Weekliks	0,101	0,560	0,180
Nee → Daagliks	1,05	0,402	2,61*
Persentasie Shandaan-Tsonga: 0 → 100 %	0,017	0,076	2,28*
Toesighouding: Swart → Ander	0,383	0,213	1,80

*Betekenisvol op die 5 %-peil ($\frac{\beta}{SE} > 1,96$)

TABEL 6
MATE WAARIN DIE MODEL TEKORTE VOORSPEL VIR DIE STEEKPROEF BOERE

	Tekorte		Nie-tekorte		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Korrek	34	69,4	51	78,5	85	74,6
Foutief	15	30,6	14	21,5	29	25,4
TOTAAL	49	100	65	100	114	100

4.3 FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL IN VOORKEUR VIR PLAASWERK BY SWART RESPONDENTE

In die vraelyste wat vir al drie steekproewe van Swartes gebruik is, is 'n vraag gevra oor die werk wat die respondent die graagste wil doen (vraag 16a). Die antwoorde wat op die vraag verkry is, is gebruik om twee groepe te selekteer, naamlik, een groep wat 'n beroep genoem het wat duidelik as plaaswerk geïdentifiseer kan word en 'n ander groep, wat 'n werk genoem het wat duidelik nie plaaswerk is nie byvoorbeeld mynwerker en onderwyser. In hierdie paragraaf word aandag gegee aan verskille tussen die twee groepe ten opsigte van 'n aantal biografiese faktore, lone en loonverwagtinge. Die inligting is ontleed deur gebruikmaking van die CHAID-program.

4.3.1 Biografiese faktore

Die volgende veranderlikes is in die ontleding gebruik.

- (1) Ouderdom (kategorieë van 5 jr.)
- (2) Geslag
- (3) Status in huishouding (hoof/vrou van hoof/kind)
- (4) Getal afhanklikes
- (5) Etniese groep
- (6) Opleiding (geen/laerskool/vorm I-III/vorm IV-V).


Die resultate van hierdie ontleding verskyn in dendrogram 1.

Die ontleding onderskryf die bevindinge wat in paragraaf 2 (par. 2.2) gemaak is omtrent die werkpatroon van die Swart bevolking van die ondersoekgebied. Opgeleide persone is in 'n mindere mate geneig as onopgeleide persone om voorkeur aan plaaswerk te gee terwyl relatief meer vroue as mans plaaswerk bo ander werk verkies. Daar bestaan verder 'n baie duidelike verskil by vroue wat oor laerskoolopleiding beskik tussen die persentasie van verskillende ouderdomsgroepe wat plaaswerk verkies. Ongeveer twee derdes van die heel jong groep (16-19 j.) en die groep ouer as 30 jaar verkies plaaswerk teenoor een-kwart van die 20-29 jarige vroue. Die voorkeur vir plaaswerk by eersgenoemde groep (16-19 en 30+ jariges) is verder ook groter by die Noord-Sotho- en Vendavroue as by Shangaan-Tsonga- en Zuluvroue.

DENDROGRAM 1

ROL VAN BIOGRAFIESE FAKTORE IN WERKVOORKEUR VAN SWART RESPONDENTE

N = 930



a = N te klein om verder te verdeel.
b = Geen verdere beduidende verdeling moontlik nie.

Alhoewel die getal afhanklikes en status in die huishouding ook gebruik is as verklarende veranderlikes, is die twee veranderlikes nie in die dendrogram opgeneem nie. Hierdie aspekte speel dus nie 'n rol in voorkeur vir plaaswerk nie.

4.3.2 Lone

Die volgende veranderlikes is gebruik.

- (1) Wyse van besoldiging verkies: Loon/stukwerk
- (2) Hoe dikwels betaling verkies word: Daagliks/weekliks/tweeweekliks/maandeliks
- (3) Huidige/vorige kontantloon per maand: (-R40, R41-80, R81-120, R121-300, R301+)
- (4) Minimum verwagte loon: Kategorieë soos vir 3.

Die resultate van hierdie ontleding is in dendrogram 2 gegee.

Die verwagte minimum loon oefen die grootste invloed uit op die keuse van plaaswerk of ander werk. Namate die bedrag wat verwag word groter word, word die getal persone wat plaaswerk verkies kleiner. Relatief meer persone wat 'n lae loon ontvang as persone wat hoër lone ontvang verkies plaaswerk bo ander werk. Die wyse waarop besoldiging verkies word (stukwerk of loonbasis) en hoe dikwels uitbetaling moet geskied (daagliks, weekliks, ens.) speel nie 'n rol in voorkeur vir plaaswerk nie.


4.3.3 Die gesamentlike rol van biografiese faktore en lone

In die vorige paragrawe is aangedui dat opleiding en geslag in genoemde volgorde, die belangrikste biografiese faktore is terwyl loonverwagting die belangrikste aspek in verband met lone is wat 'n rol speel in voorkeur vir plaaswerk. Hierdie drie veranderlikes is vervolgens gesamentlik in 'n CHAID-ontleding gebruik en dendrogram 3 toon die resultaat van hierdie stap. Die rol wat loonverwagting speel, is belangriker as dié van die ander faktore. Persone wat relatief lae loonverwagtinge het, is meer geneig tot plaaswerk as persone met hoër verwagtinge. In geval van al drie loonverwagtinggroepe waar-

DENDROGRAM 2

ROL VAN LONE IN DIE WERKVOORKEUR VAN SWART RESPONDENTE

N = 872




a = N te klein om verder te verdeel.

b = Geen verdere beduidende verdeling moontlik nie.

DENDROGRAM 3

BELANGRIJKSTE FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL IN WERKVOORKEUR VAN SMART RESPONDENTE



a = N te klein om verder te verdeel.
 b = Geen verdere beduidende verdeling moontlik nie.

tussen in dendrogram 3 onderskei word, kom die rol van opleiding sterker na vore as die van geslag. Vir al drie groepe neem die persentasie wat plaaswerk verkies af namate opleiding toeneem. Ongeskoolde vroue is meer geneë tot plaaswerk as ongeskoolde mans.

4.4 GEVOLGTREKKING

4.4.1 Inleiding


Hierdie ondersoek handel oor arbeidsvoorsiening en -stabiliteit in die landbousektor van die Letabadistrik. Geen sektor van die ekonomie funksioneer egter in 'n lugleegte nie en om die gevolgtrekkings en bevindings wat op die gebied van toepassing is in groter perspektief te plaas, is dit wenslik om baie kortliks op die veranderingstendense uit 'n makro-oogpunt te kyk. Omdat landbou-arbeid in die Letabadistrik grootliks uit die Swart bevolking getrek word, handel die kort oorsig dan ook hoofsaaklik oor dié bevolkingsgroep.

(a) Groei in die ekonomies- of beroepsbedrywige bevolking

Die voorsiening van arbeid is 'n funksie van bevolkingsgroei. Hoe vinniger die bevolking groei, hoe vinniger groei die getalle mense wat hul vir arbeid aanbied. Bevolkingsgroei is een van die probleme waarmee die Derdewêreld en ook Suid-Afrika worstel. Hierdie groei het katastrofiese afmetings begin aanneem en geen regering in die Derdewêreld kon dit nog effektief bekamp nie omdat die ekonomie eenvoudig nie die vermoë het om genoeg werk te genereer nie. Sedert die middel-sewentigerjare spook selfs die Westerse wêreld met 'n langdurige insinking. Hierdie insinking beperk ook die maatreëls wat Derdewêreld regerings kan neem om die negatiewe gevolg van oorbevolking, die hoof te bied.

Figuur 3 toon die groei in die ekonomies bedrywige bevolking van die RSA en ook die werkgeleenthede (plaaswerkers en huisbediendes uitgesluit) wat na alle waarskynlikheid geskep kan word, mits die ekonomie teen 'n koers van 4,5 % oor die aangewese tydperk (1978-1987) sou groei. Hierdie groeikoers is waarskynlik die maksimum waarna die RSA kan aspireer oor die lang termyn en toon baie duidelik dat die RSA die Derdewêreld situasie deel. Die ontstellendste aspek van die ontleding is die feit dat al sou die RSA al sy vaardigheidstekorte deur substitusie kon aanvul, sou dit baie min aan die werkloosheidsprobleem verander.

FIGUUR 3
 VERWAGTE GROEI VAN DIE EKONOMIESE AKTIEWE BEVOLKING EN WERKGELEENTHEDE VIR
 DIE TYDPERK 1978 - 1987



(b) Strukturele veranderinge in die ekonomie

Die struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie het van 1950 tot 1980 drasties verander. Figuur 4 toon die relatiewe bydrae van die verskillende sektore tot die Bruto Binnelandse Produk (waarde van goedere en dienste geproduseer) van die RSA.

Die bydrae van die landbou tot die BBP het aansienlik gedaal van ongeveer 16 % in 1950 tot 5 % in 1980. Ten spyte van die dalende bydrae is die landbousektor nog die tweede grootste werkverskaffer. 'n Gesonde landbousektor is uit die oogpunt dus ook uiters belangrik.

(c) Arbeidsmobiliteit

Arbeidsmobiliteit of die beweging van arbeid is 'n belangrike faktor in die funksionering van die arbeidsmark. Dit het twee breë aspekte, naamlik geografiese mobiliteit (die vryheid van beweging van 'n werker om sy arbeid op enige plek aan te bied) en vertikale beroepsmobiliteit, met ander woorde die beweging van werkers deur die beroepshiërargie.


Dit is 'n wêreldwye verskynsel dat werkers, ongeag die wetlike bepalings wat mag bestaan en groot risiko's wat geloop word, poog om te beweeg na daardie areas, selfs oor landsgrense heen, waar hulle vir hulself 'n beter heenkomsien, hoe realisties of onrealisties hierdie sienswyse nou ook mag wees. Die sterkte van die druk om te beweeg hang nou saam met die toestand in die gebied van herkoms. Die immigrasie-probleme wat Brittanje (uit Wes-Indië, Indië en Pakistan) die VSA (o.a. uit Mexiko) en Wes-Duitsland (uit Turkye) ondervind is sprekende voorbeelde van hoe sterk die druk kan word. Suid-Afrika kan behalwe sy eie groot werkloosheidsyfer na alle waarskynlikheid ook hierdie druk ervaar (veral vanuit Mosambiek).

Die Swart werker het sy posisie in die Suid-Afrikaanse ekonomie algaande verbeter en is tans 'n onontbeerlike komponent daarvan.

Van die ongeveer 1 625 000 operateurs (m.a.w. die groep wat hoofsaaklik die masjiene bedryf) in die RSA se ekonomie in 1981, was 1 218 000 (75 %) Swart. Dit gee 'n aanduiding van die belangrike rol wat Swart arbeid in die produksie van goedere speel.

FIGUUR 4

DIE RELATIEWE BYDRAE VAN DIE VERSKILLENDSE SEKTORE TOT DIE BRUTO
BINNELANDSE PRODUK 1950, 1980 EN 2010



Bron: Eenheid vir Toekomstnavorsing,
Buro vir Ekonomiese Ondersoek
Universiteit van Stellenbosch
(September 1983)

TABEL 7

VOLKSGROEFVERDELING VAN DIE MVB VOLGENS BEROEPSGROEF IN 1965-1981
EN DIE GEFROKETEERDE VERDELING VIR 1987

Beroepsgroep	Volks- groep	B a s i s p e r i o d e										Doelwitjaar 1987	
		1965	1967	1969	1971	1973	1975	1977	1979	1981	%	N	
1 Klerklike werkers	Blank	83,1	82,2	80,7	78,8	75,5	72,3	67,8	68,8	65,5	62,5	502876	
	Kleurling	4,1	4,5	5,2	5,1	6,5	7,0	8,2	8,5	8,8	9,7	78460	
	Asiër	3,7	3,8	4,7	6,0	6,2	7,2	7,2	7,6	8,0	8,8	70466	
	Swart	9,1	9,5	9,4	10,2	11,7	13,4	16,8	15,1	17,8	19,0	152924	
	Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100	100	804726		
2 Verkoopswerkers	Blank	72,7	69,2	70,9	67,0	62,4	65,3	59,7	56,0	59,6	54,4	198720	
	Kleurling	4,8	6,1	5,6	6,1	7,5	9,8	10,4	10,6	8,4	11,2	41027	
	Asiër	7,3	7,3	6,7	9,9	9,2	8,4	8,2	8,9	7,1	8,2	29809	
	Swart	15,2	17,4	16,7	17,0	20,9	16,5	21,7	24,5	25,0	26,2	95498	
	Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100	100	365054		
3 Ambagsmanne en vakleerlinge	Blank	88,5	86,7	85,5	82,1	78,5	77,0	72,7	74,1	73,1	69,3	269969	
	Kleurling	10,0	10,7	12,4	12,6	14,9	16,3	16,9	17,1	17,0	18,8	73080	
	Asiër	1,2	1,5	1,4	2,3	2,3	2,6	2,6	3,7	4,0	4,3	16595	
	Swart	0,4	1,1	0,7	3,1	4,4	4,1	7,7	5,1	5,9	7,6	29731	
	Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100	100	389375		
4 Voormanne en toesighouers	Blank	76,7	76,8	71,7	71,5	68,9	69,0	59,1	56,9	56,9	52,3	52842	
	Kleurling	7,0	8,4	8,1	8,1	8,6	7,8	9,7	11,4	12,3	12,5	12592	
	Asiër	2,8	2,4	3,3	4,2	4,2	4,8	3,3	3,5	4,3	4,0	4075	
	Swart	13,5	12,4	17,0	16,2	18,3	18,3	28,0	28,3	26,5	31,2	31537	
	Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100	100	101046		
TOTALE MVB	Blank	82,2	80,7	79,8	76,9	73,2	71,9	66,8	66,7	65,5	61,7	1024407	
	Kleurling	6,0	6,8	7,4	7,4	9,1	10,0	10,9	11,1	10,9	12,4	205159	
	Asiër	3,7	3,7	4,1	5,7	5,7	6,2	6,1	6,7	6,6	7,3	120945	
	Swart	8,1	8,7	9,7	9,9	12,0	12,0	16,2	15,6	17,0	18,7	309690	
	Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100	100	1660201		
TOTALE MARKEKRAF	Blank	52,5	51,5	50,4	50,7	50,0	49,7	28,8	30,0	29,0	28,0	1958408	
	Kleurling	9,8	9,8	10,2	9,9	10,3	10,6	10,4	11,4	11,7	11,7	822222	
	Asiër	3,2	3,1	3,2	3,6	3,6	3,6	3,5	3,9	3,8	3,9	270901	
	Swart	54,4	55,6	56,1	55,7	56,2	56,1	57,3	54,7	55,6	56,4	3953269	
	Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100	100	7004800		

TABEL 8
GETAL LEERLINGE IN ST. 8

Jaar	Blank	Kleurling	Asiër	Swart
1970	64481	9936	7986	25695
1971	65558	11184	8868	29800
1972	68240	12094	9043	32074
1973	69947	13853	9748	37175
1974	70692	15315	11032	42588
1975	75497	16885	13533	50772
1976	71761	17841	12511	50631
1977	72719	17813	12863	71699
1978	72573	21063	12865	97666
1979	73398	23725	14638	124678
1980	73663	24501	15241	129297
1981	72779	26648	15625	132023
1982	74925	29343	16131	121780
Jaarlikse groeikoers 1970-1980	1,3	9,3	9,1	18,6

TABEL 9
GETAL PERSONE WAT ST. 10 BEHAAL

Jaar	Blank		Kleurling		Asiër		Swart	
	Met matriek	Sonder matriek	Met matriek	Sonder matriek	Met matriek	Sonder matriek	Met matriek	Sonder matriek
1970	14412	22132	454	952	410	1516	1104	1741
1971	14860	22940	503	1018	466	1894	1445	1931
1972	18778	23935	855	938	625	2395	1973	2523
1973	19106	23186	852	1132	602	2322	2003	2381
1974	20082	24412	1104	1252	662	2817	2237	2732
1975	20850	22135	1337	1711	1189	2731	3725	3030
1976	19867	26571	1120	2063	1310	2494	2101	6109
1977	21885	25264	1001	3588	1794	2674	2583	5466
1978	22288	24438	1163	4469	1805	2818	3818	8227
1979	24754	22779	2685	5319	1811	2980	4517	11016
1980	25523	22647	1622	5387	2055	2764	5188	20403
Jaarlikse groeikoers 1970-1980	5,3	0,4	14,5	20,6	21,2	5,3	13,9	18,8

Bron: Sentrale Statistiekdiens

Swart werkers word ook toenemend belangrik in die groep werkers waarna ook as middelvlakmannekrag (MVM) verwys word. Hierdie feit spreek duidelik uit tabel 7. In totaal het Swartes hul aandeel in hierdie groep van ongeveer 8 % in 1965 na 17 % in 1981 verhoog. Die beroepsmobiliteit van Swart werkers het dus aansienlik toegeneem.

Die styging in die onderwyspeil van die Swart bevolking van die RSA is deels die oorsaak van die mobiliteit want dit het substitusie-moontlikhede meegebring. Die styging in die onderwyspeil word goed geïllustreer in tabelle 8 en 9 waar die getal st. 8-leerlinge op skool en die getal wat st. 10 behaal, aangetoon word. Syfers vir die onafhanklike state is nie eens by die syfers ingereken nie. Verhoging in die onderwyspeil gaan gewoonlik hand aan hand met 'n verhoging van die bewussyn- en aspirasievlakke, wat die druk op sowel geografiese as vertikale beroepsmobiliteit sal laat toeneem.

(d) Lone

Een van die sterkste faktore wat geografiese mobiliteit veroorsaak, is die prys wat vir arbeid van 'n sekere aard betaal word.

Tabel 10 toon die gemiddelde jaarlikse loon wat per kop van die Swart werkerskorps in sommige sektore betaal is.

TABEL 10

GEMIDDELDE JAARLIKSE LOON VIR SWART ARBEID (RAND PER JAAR)

Sektor	1967	1981	% toename p.j.
Goudmyne	173	2482	95,3
Steengroewe	328	2509	47,3
Fabriekswese	487	3249	40,5

Bron: Setrale Statistiekdiens

Lone het dus besonder vinnig oor die 14 jaar toegeneem, maar daar moet in gedagte gehou word dat 'n gedeelte van die verhoging aan vertikale mobiliteit toegeskryf moet word. Die omvang daarvan kan egter nie met behulp van die beskikbare inligting bepaal word nie.

4.4.2 Spesifieke gevolgtrekkings vir arbeidsvoorsiening en arbeidstabyliteit in die Letabadistrik

In hierdie paragraaf word gevolgtrekkings gemaak wat meer spesifiek op die situasie in die Letabadistrik betrekking het. Alhoewel die gevolgtrekkings onder die twee hoofde ingedeel word, is arbeidsvoorsiening en arbeidstabyliteit onderling ineengestrengeel en sal daar min gevolgtrekkings wees wat suiwer net op een aspek betrekking het.

(a) Arbeidsvoorsiening

Die totale vraag na arbeid in die landbousektor van die Letabadistrik, soos dit in die opname ingesluit was, het in 'n hoë mate gestabiliseer en sal na alle waarskynlikheid nie veel uitbrei nie. Die meeste van die arbeid wat benut word, word vanuit die aangrensende distrikte van Gazankulu en Lebowa getrek. Tans werk ongeveer 40 % van die Swart bevolking in die gebiede wat in die ondersoek betrek is, op Blanke plase en 30 % in Blanke stede en dorpe. Die beperkte indiensneming in die state self gaan waarskynlik nie in die voorsienbare toekoms veel verander nie. Gesien die beperkte absorpsievermoë van die formele ekonomie van die RSA gekoppel aan die hoë bevolkingsgroei in die gebiede, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat, getalsgewys, daar geen probleme met arbeidsvoorsiening sal wees nie.

(b) Arbeidsmobiliteit

Alhoewel die aanbod van arbeid na alle waarskynlikheid die vraag gaan oorskrei en hierdie groot aanbod die bedingingsposisie van die Swart werker gaan verswak, is daar faktore wat die daarstelling van 'n stabiele en produktiewe arbeidsmag teenwerk. Hierdie faktore word kortliks aangestip en moet gesien word teen die agtergrond van 'n algemene bevinding, naamlik dat die Swart werker, alhoewel hy nie tevrede met die situasie is nie, 'n baie realistiese siening van sy eie situasie het.

(i) Die lae lone wat in die landbousektor betaal word

Die mediaanloon van Swart mans in arbeidersposisies was in 1981 in die Letabadistrik R35 per maand, in vergelyking met die R117 per maand wat Swart

ongeskoolde werkers in 1980 in alle sektore verdien het. Alhoewel baie boere ook rantsoen verskaf, toon die navorsing dat die Swart werker 'n baie akkurate skatting van die geldwaarde van hierdie rantsoen kan maak. Plaaswerkers het ook min direkte koste verbonde aan pendel. Aan die anderkant verreken die werker die fisiese moeite van pendel as koste. Die bestaan van 'n aansienlike loongaping moet dus as 'n feit aanvaar word. Waar die werkers goed op hoogte is met wat in ander sektore verdien kan word, as hy daar 'n werk kan kry, is dit nie verbasend dat plaaswerk as 'n soort van laaste toevlug beskou word nie, soos dan ook uit redes soos "Dit is al werk wat ek kan kry, ek is bereid om enige werk te doen" blyk.

(ii) Die aard van die werk en werksomstandighede

Plaaswerk is nie slegs vanweë die lae lone onpopulêr nie, maar ook om 'n verskeidenheid van redes wat om die aard van die werk en werksomstandighede draai, soos lang ure, vermoeienis, hitte, ens. Daar is ook vrye onderhoude met Swart gemeenskapsleiers en werkers na die ontledings van die gestruktureerde vraelys gevoer om sekere ónskynlike "eienaardighede" op te klaar. Een van die aspekte wat in hierdie gesprekke aangesny is, is die siening van die Swart ondersoekgroep dat plaaswerk "gevaarlik" is. Die werkers sien die gevaar nie soseer as 'n sterk moontlikheid vir besering of dood nie, maar eerder 'n sienswyse dat die werk as gevolg van die aard daarvan "jou gou oud en siek maak". Plaaswerk het ook 'n negatiewe beeld by die gemeenskap soos blyk uit opmerkings soos "die mense kom vuil en moeg huis toe - hulle word soos skape aangery". Aan die anderkant verkies meer as 'n kwart van die plaaswekers om met oop vragmotors te pendel want dan is daar geen probleme met vervoer van bagasie nie en die vragmoter laai hulle nader aan hul tuistes af as die bus.

(iii) Permanente verblyf op plase

Die meeste boere verkies om permanente werkers met gesin en al op die plaas te vestig. Die meerderheid van die Swart werkers verkies eerder om te pendel op 'n daaglikse of 'n weeklikse grondslag. Die rede vir hierdie keuse is hoofsaaklik gegrond op die verkryging van 'n permanente woonplek in eie gebied omdat dit 'n mate van sekuriteit en groter mobiliteit, ook wat werk betref, aan die Swart werker bied.

(iv) Sosiale infrastruktuur

Die mens se behoeftes strek wyer as net die absoluut basiese van voedsel, kleding en beskutting - hy het ook sosiale behoeftes. Die groepe boere met wie vrye onderhoude gevoer is, het die keuse van kerksfasiliteite as eerste keuse van die Swart ondersoekgroep taamlik vreemd gevind. Alhoewel daar verskille tussen die Shangaan-Tsonga en Noord-Sotho en tussen mans en vroue in die verband bestaan, keer hierdie verskille nie die patroon van keuse om nie. Die aspek is ook by die opvolgonderhoude bespreek en hieruit het geblyk dat die sosiale verkeer wat sodanige fasiliteite moontlik maak 'n baie belangrike rol speel en dat "kerk" nie uit die oogpunt van die Blanke se erediens beskou moet word nie. Dit is op dié vlak waar die lewens- en wêreldbeskouing wat met verskillende kulture saamhang, duidelik na vore kom. In die woorde van een van die werkers "Dit is die plek waar ons leer om saam te leef want ons werk saam."

(v) Arbeidsverhoudinge en kommunikasie

Die faktore wat van (i) tot (iv) hierbo genoem is, is almal faktore wat arbeidstabiliteit negatief beïnvloed, daar is egter ook faktore aanwesig wat arbeidstabiliteit positief kan beïnvloed en seker die belangrikste hiervan is gesonde arbeidsverhoudinge tussen werker en werkgewer. Die enkele belangrikste rede verstrekk deur die werkers wat plaaswerk verkies het, was dat die boer 'n simpatieke werkgewer is wat sy werkers verstaan. Hierdie faset is dan ook beklemtoon deur die boere wat gesê het dat hulle nie juis arbeidstekorte ervaar nie. Goeie arbeidsverhoudinge impliseer nie 'n arbeidsituasie sonder reëls en dissipline nie. Van die boere in die distrik begin van werkekomitees gebruik maak en aan hierdie werkekomitees word in sommige gevalle heelwat bevoegdhede gegee met betrekking tot werwing, aanstelling en selfs dissiplinêre optrede en volgens die boere wat die stelsel gebruik, funksioneer dit goed.

In gesonde arbeidsverhoudinge speel kommunikasie 'n belangrike rol. Heelwat van die boere is 'n Swart taal magtig, en dit vergemaklik kommunikasie maar goeie kommunikasie vanaf die kant van die werkgewer vereis ook begrip van die kulturele verskille wat tussen groepe bestaan. Daar moet begrip wees vir wat die Swartman as goeie maniere beskou, die wyse waarop hy soms sy probleme op 'n miskien meer indirekte wyse aan sy werkgewer bekend maak. Goeie kommunikasie vereis ook dat die werker sal verstaan wat hy moet doen en ook hier

speel taal 'n belangrike rol. Negatiewe opdragte (moenie so of so nie) en verskille in uitdrukkingswyse kan maklik veroorsaak dat opdragte nie verstaan word nie.

(vi) Kanaliserings van arbeid

Die huidige arbeidsburostelsel speel geen rol in die kanalisering van arbeid na die landbousektor nie. Volgens die boere bemeelik rompslomp en gebrekkige dokumentasie ook die registrasie van werkers. Kapteins en hoofmanne met wie gesprekke gevoer is, is van mening dat daar nie genoeg samewerking tussen die stam arbeidsburo's en boere is nie en dat 'n stelsel wel uitgewerk kan word tot voordeel van die Swart gemeenskap sowel as die boeregemeenskap. Daar is van die boere wat skynbaar vergeet dat hul arbeid uit selfregerende gebiede trek.

4.4.3 SLOTOPMERKING

Wanneer navorsing in 'n gebied oor 'n sekere onderwerp onderneem word, sament die navorser inligting op 'n baie gestruktureerde wyse in. Dit is egter nie al wat die navorser uit die navorsing kry nie. Vele gesprekke wat gevoer word, laat 'n sekere indruk, 'n amper impressionistiese agtergrond waarteen die vaster inligting geïnterpreteer word. Dit is so dat daar in Suid-Afrika en ook in die Letabadistrik 'n duidelike "ons" en "hulle" stereotipering bestaan en dat dit 'n kloof tussen Wit en Swart veroorsaak wat maklik tot konflik kan lei. Uit die gesprekke en wyse waarop die inligting verstrekk is, is tog die gevoel gekry dat daar 'n groter mate van onderlinge welwillendheid by die twee groepe bestaan as wat algemeen aanvaar sou word. Die probleem is hoe hierdie welwillendheid benut kan word om konflik uit te skakel, want die algemene situasie van "geen wener" is ook vir Letaba geldig.

Die betrokkenheid van die boer by die Swart gemeenskap buite werksverband het duidelik na vore gekom tydens die navorsing asook die erkenning wat dit geniet by die Swart werkers. Hierdie kontak vind op 'n baie persoonliker wyse plaas as in die nywerheid.

Die Swart gemeenskapsleiers is diep bekommerd oor die gevolge van trek-arbeid. Gesinsbande wat in die Swart gemeenskap hoë prioriteit geniet, word verswak en soms geheel verbreek. Die kommer word verwoord in 'n sinsnede wat al byna 'n spreekwoord geword het: "So many people have gone to Jo'Burg, they never come back, some came back dead, some come back poorer than they left."

BYLAE
NAME VAN NEDERSETTINGS VAN GAZANKULU EN LEBOWA WAT BINNE DIE ONDERSOEKGEBIED
GELEË IS

(a) Gazankulu

<u>Nommer</u>	<u>Naam</u>
G1	Radoo
G2	Xinoko
G3	Meadowbank
G4	Nkambako
G5	Namitwa Hoofkraal
G6	Ka-Mandlakazi
G7	Mariveni
G8	Nkowakowa
G9	Dan
G10	Risenga
G11	Muhlaba Hoofkraal
G12	Khujwana
G13	Muhlaba Cross
G14	Sedan
G15	Bonn
G16	Gavaza
G17	Burgersdorp
G18	Rhulani
G19	Mapayeni
G20	Siyandani
G21	Giyani
G22	Ngove
G23	Nkomo
G24	Shawela
G25	Mbaula
G26	Makhuva
G27	Dzumeri
G28	Zava
G29	Hlaneki II
G30	Hlaneki I
G31	Blinkwater
G32	Rotterdam
G33	Olifantshoek

(b) Lebowa

L1	Modjadji
L2	Senobela
L3	Bellevue
L4	Hartebeesfontein
L5	Middelwater
L6	Lemondopkop
L7	Lenyenye
L8	Sekororo
L9	Lekane
L10	Makgaung
L11	Bismark
L12	Namakgale

BRONNELYS 1)

- 1 BURO VIR EKONOMIESE EN POLITIEKE ANALISE (UP). Ongepubliseerde inligting oor die bevolking van Lebowa in 1982.
- 2 CLOETE, P.O. n Sosio-Historiese ontleding van die arbeidsopset in die landboubedryf in Suid-Afrika. D.Phil. Universiteit van Stellenbosch, 1972.
- 3 INSTITUUT VIR ONTWIKKELINGSTUDIES (RAU). Ongepubliseerde inligting oor die bevolking van Gazankulu in 1982.
- 4 KLEINBAUM, D.G. and KUPPER, L.L. Applied regression analyses and other multivariable methods. Duxbury Press, 1978.
- 5 MILLER, J. and ERICKSON, M. On dummy variables regression analysis: A description and illustration of the method. Sociological Methods and Research 2(4) p. 409-430, 1974.
- 6 MOSTERT, W.P. en VAN TONDER, J.L. Moontlike bevolkingsgroei in Suid-Afrika tot die middel van die 22e eeu. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1982.
- 7 REYNDERS, H.J.J. Diensvoorwaardes van plaas- en huishoudelike werkers. Referaat gelewer tydens die Mannekragsimposium van die Kaaplandse Pomologiese Vereniging. Kaapstad, 10 November 1982.
- 8 SMIT, P. en BOOYSEN, J.J. Swart verstedeliking: proses, patroon en strategie. Kaapstad, Tafelberg, 1981.
- 9 SMIT, P.C. Vereistes wat werkgewers in die Oos-Kaap aan n arbeidsburo stel. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1980.
- 10 SUID-AFRIKA (Republiek). Buitengewone Staatskoerant, 3 Desember 1965. Pretoria, Staatsdrukker, 1965.

1) Hierdie is die bronnelys van die volledige verslag.

- 11 SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Statistiek. Verslag oor landbou- en veeteeltproduksie. Pretoria, Staatsdrukker, 1976.
- 12 SUID-AFRIKA (Republiek). Sentrale Statistiekdiens. Bevolkingsensus 1980: Steekproeftabellasië, Maatskaplike eienskappe verslag. Pretoria, Staatsdrukker, 1982.
- 13 SUID-AFRIKA (Republiek). Sentrale Statistiekdiens. Sensus van landbou en veeteeltproduksie, 1978. Pretoria, Staatsdrukker, 1983.
- 14 SUID-AFRIKA (Republiek). Staatskoerant 7 Mei 1982. Kennisgewing 285 van 1982. Departement van Mannekrag. Nasionale Mannekragkommissie. Pretoria, Staatsdrukker, 1982.
- 15 SUID-AFRIKA (Republiek). Witskrif oor DEEL 2 van die verslag van die kommissie van ondersoek na arbeidswetgewing. Aan die Parlement voorgelê deur die Minister van Mannekragbenutting, 1980.
- 16 VAN DER HORST, S.T. Native labour in South Africa. London, Frank Cass, 1971.

RGN-PUBLIKASIELYS

In Volledige lys van RGN-publikasies of in lys van publikasies van in besondere instituut van die RGN kan van die Publikasiebestuurder word.

IN	HS
BIBLIOTEK	LIBRARY

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

President
Vise-presidente

Dr. J.G. Garbers
Dr. P. Smit, Prof. D.J. Stoker,
Dr. J.D. Venter

President
Vice-Presidents

Direkteur: Administrasie
Skakelhoof

J.G.G. Gräbe
Dr. M.J. Bekker

Director: Administration
Chief PRO

Funksies van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder, ondersteun en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, bepaal navorsingsprioriteite, versprei die resultate van geesteswetenskaplike navorsing, bevorder en evalueer die implementering van die resultate van navorsing, stimuleer die opleiding van navorsers, stel die volle spektrum van dissiplines in die geesteswetenskappe ten diens van die inwoners van die RSA en bevorder die wetenskap in die breë.

Institute

Instituut vir Geskiedenisnavorsing (IGN)
Instituut vir Kommunikasienavorsing (IKOMM)
Instituut vir Mannekragnavorsing (IMAN)
Instituut vir Navorsingsontwikkeling (INO)
Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (ION)
Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing (IPEN)
Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing (ISODEM)
Instituut vir Statistiese Navorsing (ISN)
Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing (INTAK)
Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste (BOND)
Administrasie

Hoofkantoor

Privaatsak X41, Pretoria 0001
Republiek van Suid-Afrika
Telegramme RAGEN
Tel. (012) 28-3944
Teleks 3-0893

Streekkantore

Wes-Kaap, Privaatsak 40, Parow 7530
Tel. (021) 92-1026
Natal, Posbus 508, Durban 4000
Tel. (031) 31-6926

Functions of the HSRC

The HSRC undertakes, promotes, supports and co-ordinates research in the field of the human sciences. It also determines research priorities, disseminates the findings of human sciences research, promotes and evaluates the implementation of research findings, stimulates the training of researchers, places the full spectrum of human sciences disciplines at the service of the inhabitants of the RSA and promotes science in general.

Institutes

Institute for Communication Research (ICOMM)
Institute for Educational Research (IER)
Institute for Historical Research (IHR)
Institute for Manpower Research (IMAN)
Institute for Psychological and Edumetric Research (IPER)
Institute for Research Development (IRD)
Institute for Research into Language and the Arts (IRLA)
Institute for Sociological and Demographic Research (ISODEM)
Institute for Statistical Research (ISR)
Bureau for Research Support Services (BRSS)
Administration

Head office

Private Bag X41, Pretoria 0001
Republic of South Africa
Telegrams RAGEN
Tel. (012) 28-3944
Telex 3-0893

Regional offices

Western Cape, Private Bag 40, Parow 7530
Tel. (021) 92-1026
Natal, P.O. Box 508, Durban 4000
Tel. (031) 31-6926

ISBN 0 7969 0059 0